# *Soos Die Arend Haar Nes Opwek*

Baie dankie.

2 Die Here seën julle, broers en susters. So bly om weer terug te wees in die tabernakel vanmiddag, kerk.

Julle weet, julle sê: "Wel, hierdie is nie 'n kerk nie, hierdie is die Legioengebou."

3 Dis 'n kerk terwyl die Kerk hierbinne is. En God is in Sy Kerk. Is dit reg? God is in Sy mense, so Sy mense is Sy Kerk. So hier is ons, wat almal saam sit in Hemelse plekke in Christus Jesus, en geseënde gemeenskap geniet, terwyl die Bloed van Jesus Christus, God se Seun, ons reinig van alle onreinheid. Is dit nie wonderlik nie? Net vry op enige tyd wat die Here ons wil roep, styg ons net op en spring reg in die Hemel in, net binne omtrent twee sekondes na ons weg is. Is dit nie gaaf nie? Watter blye versekering!

4 Ek het 'n tyd gelede gepraat in 'n Christen Sakemanne in, ek dink dit was in Tijuana, nee, verskoon my, dit was by—by Jamaika, Kingston, Jamaika, en hulle het al die hooggeplaastes en 'n klomp van die Kubane daarbo gehad. En daardie aand het iemand vir my gesê, nadat ek klaar gepraat het, gesê . . . Ons—ons hou ons dienste op die wedrenbaan, maar ek het afgegaan na 'n groot plek saam met die hooggeplaastes, julle weet, om daardie aand te preek. En gesê: "Sê," het hy gesê: "jy's—jy's daardie prediker hierbo, is jy nie?"

En ek het gesê: "Ja, meneer."

Hy het gesê: "Wat doen jy hieronder by hierdie sakemanne?"

Ek het gesê: "Ek is 'n sakeman."

"O," gesê: "ek het nie geweet nie."

Ek het gesê: "Ja, ek is 'n sakeman."

Gesê: "In watter soort besigheid is jy?"

Ek het gesê: "Versekeringsbesigheid."

Hy het gesê: "Watter soort versekeringsbesigheid?"

5 Ek het gesê: "Ewige Lewensversekering." Ek is nog steeds in die besigheid. Nou, as enigiemand hier geïnteresseerd is om met my te praat oor 'n polis, sal ek bly wees om enige tyd met julle te praat, Ewige Lewensversekering.

6 Ek het skool toe gegaan saam met 'n seun, Wilmer Snyder, baie gawe kêrel. [Leë kol op band—Red.]

7 . . . Boek van Deuteronómium 32:11:

*Soos* die *arend haar nes opwek, oor haar kleintjies sweef, . . . dra . . .* op *haar vleuels,* en *hulle* op*neem.*

8 Nou, die onderwerp wat ek aangekondig het om oor te praat vandag, was: "Die Arend Wat Haar Nes Opwek." *Soos Die Arend Haar Nes Opwek*.

9 En so sal ek julle nie nou te lank hou nie, dat daar tyd sal wees dat julle kan gereedmaak en kerk toe kan gaan. Het julle 'n goeie diens gehad vanmôre, almal? O . . . [Leë kol op band—Red.]

10 . . . Sy erfenis vergelyk met 'n arend. Julle weet, ek het eenkeer oor arende begin lees, en ek het uitgevind daar's omtrent veertig verskillende soorte arende, en omtrent agt verskillende soorte word in die Bybel genoem.

11 Party van hulle, hulle maak aanspraak as die, dat party van hulle aasvoëls was omdat hulle aas gevreet het, maar dit was verkeerd. Ek sou net verskil van die man wat geskryf het, want ek ken arende. Arende eet net lewendige vleis, aasvoëls eet—eet aas. Maar 'n regte arend maak sy eie vleis dood, hy moet dit vars kry, net soos die grysbeer en die swartbeer. Swartbeer is 'n aasvreter, hy—hy vreet aas. Maar—maar die grysbeer, hy moet elke aand vars doodmaak, of wanneer hy gaan vreet, vreet hy. En so is die arend, 'n arend kry vars vleis. Hy wil nie enigiets hê wat oud is, of oorskiet is, of voorheen gebruik is nie, hy—hy wil sy—sy eie vleis kry.

12 So ons kyk na 'n groot onderwerp, en 'n groot voël. En ek was altyd lief vir die arend, al het hy baie probleme vir my veroorsaak, hy het baie takbokke opgevreet wat ek doodmaak, maar ek—ek het nog altyd 'n respek vir hom. Hy's 'n roofvoël, en die einste woord *arend*, self, beteken "om met die snawel te skeur," hy skeur met sy snawel en voer dan.

13 En dis 'n goeie manier om daarna te kyk, 'n roeping van God, want God voer met Sy mond, en Sy mond is Sy Woord, waaruit Sy Woord voortkom. En Hy het Sy erfenis vergelyk, ons, met Sy arendjies. En Hy Self is Jehova-Arend. Het julle dit geweet? God maak aanspraak om Jehova-Arend te wees, Hy's Self 'n Arend. Hy's Pappa Arend, en ons is klein arendjies, Sy kinders.

14 En ek het baie van arende geleer, soos ek hulle bestudeer het, en ek's 'n groot liefhebber van die natuur. Die natuur is waar ek God die eerste keer gevind het, om Hom dop te hou. Ek het die blomme dopgehou toe ek net 'n sondaarseun was, en die klein blommetjies gesien, die ryp sou hulle tref, en hulle sou hulle hofie buig, en daar sou klein, swart saadjie uit hulle uitval.

15 En julle weet hulle het 'n begrafnisstoet vir blomme? Het julle dit ooit geweet? Sekerlik, God het 'n begrafnisstoet, het beslis. Die herfsreën kom oor, en huil net yslike groot trane

af, dit begrawe daardie blomsade, doen dit beslis. Hy hou 'n begrafnisstoet.

16 En dan lê hulle daar, in die wintertyd, wel, die grond vries, en die klein stingeltjie verdroog, die bol verdroog, die blomblare weg, die saadjie vries, bars oop, al die pulp in die saad loop uit. Jy mag 'n handvol van daardie grond neem, dit afneem na die laboratorium, en dit toets, en oor, en jy sal nooit enigiets van daardie saad daarin kry wat oorgebly het nie, maar laat die son net begin skyn. Daar is 'n kiem van die lewe iewers wat God versteek het in daardie saad iewers in daardie grond, van daardie saad, dit sal weer lewe.

17 En ek het gedink: "As God 'n manier gemaak het vir 'n *saad* om weer te lewe, hoeveel te meer het Hy 'n manier gemaak vir *my* om weer te lewe, en vir *jou* om weer te lewe?"

18 Ek het eendag roomys geëet toe ek nog staatswildbewaarder van Indiana was, daar was 'n ou Metodiste prediker met die naam van Broer Spurgeon, 'n baie goeie ou man, Henryville, Indiana, ons het op 'n stoel gesit en 'n bietjie roomys geëet, bietjie gesels, en die *Landbou Uur* was aan.

19 Die klein 4-H Klub daar in Louisville het 'n masjien daar oorkant gehad wat hulle vervolmaak het wat 'n mieliepit kon laat lyk presies net soos die een wat jy op die land gemaak het. En jy 'n sak vol gesit het wat die masjien gemaak het, en 'n sak vol wat op die land gegroei het, hulle in jou hande gesit het, hulle deurmekaar gemeng het, sou jy hulle nie kon onderskei nie. Neem hulle na die laboratorium toe, sny hulle oop, hulle het elkeen *soveel* kalsium gehad, en *soveel* vog, net presies. Die enigste manier wat jy hulle ooit weer sou uitken, was om hulle te begrawe, en albei van hulle sou vrot, maar die een wat die mens gemaak het, dit was die einde daarvan, maar die een wat God gemaak het, het 'n kiem van die lewe gehad, dit het weer opgekom.

20 Ons kan kerklidmate wees, 'n goeie lewe probeer lei, maar, broer, God se Lewe is wat tel. Twee mans lyk net eenders, gaan, albei van hulle gaan kerk toe, albei van hulle is diakens, albei van hulle is pastore, een het 'n kiem van die Lewe, en die ander een het nie die kiem van die Lewe nie. So die verskil is dat waar jy daardie natuur, nuwe geboorte, vind, daardie *iets* wat daarin is wat al die—die twyfel daaruit wegneem, en jou 'n versekering *hier*binne gee dat jy weet jy het oorgegaan uit die dood na die Lewe, want jou gees, en Sy Gees is dieselfde, hulle stem ooreen met mekaar.

21 O, hoe wonderlik is dit om die genade en die heerlikheid van God te ken, wat na ons toe gekom en uitgestort is in ons harte deur die Heilige Gees! Niks soos dit nie.

22 Deur te bestudeer, en hierdie kêrels dop te hou, hierdie arende, hulle natuur dop te hou, een jaar bo in Colorado . . . Ek—

ek hou van jag, en ek hou nie van, ek's nie 'n moordenaar nie, 'n jagter. En ek hou net daarvan om uit te gaan, op die berg te kom, te gaan sit, en die diere dop te hou, te sien hoe hulle beweeg.

23 Nooit in my lewe, sover ek onthou, meer as 'n kwota van enigiets geneem nie, want, en julle jagters onthou dit, dis—dis sonde vir 'n Christen om die wet te breek, julle behoort dit nie te doen nie, en onthou julle.

24 En julle seuntjies hierrond, moenie my rooiborsies skiet nie. Huh-um. Hulle is myne, sien. Het julle al ooit die legende van die rooiborsies gehoor, julle seuntjies? Nou, as julle na Engelse mossies wil skiet, dit hang van julle af, en pappa en mamma, ensovoorts, sien, maar my rooiborsies en duiwe, moet hulle nie skiet nie, julle onthou, dit—dis my voëls, sien. Weet julle hoe hy sy klein rooi borsie gekry het? Hoeveel het ooit gehoor hoe hy dit gekry het, die legende?

25 Eendag was daar 'n Man wat gesterf het aan 'n kruis, almal het Hom verlaat, selfs God Self het Hom verlaat. Weet julle wat het gebeur? 'n Klein, bruin voëltjie het na Hom gekyk daar, en so jammer gevoel vir Hom, hy het gekyk, Sy hande is deur spykers deurboor, en Sy voete is op 'n kruis vasgeslaan, hy was in die tronk.

26 Weet julle wat hierdie klein bruin voëltjie gedoen het? Hy was so jammer vir Hom, hy het net reguit ingestorm en daardie spykers probeer uittrek, en deur dit te doen, het hy sy borsie heeltemal rooi gemaak van die bloed. Van toe af, het hy 'n rooi borsie gehad. Julle wil hom nie skiet nie, wil julle? Hy's 'n gawe klein voëltjie. Julle moet daardie klein blink ogies sien opkyk na my.

27 O, die natuur, ek onthou hoe ek van die arend geleer het. Eenkeer het ek in Colorado gesit, en ek het dopgehou, dit was in die lente beeste aankeer, om die beeste in te bring, en ek het teen 'n heuwel opgeklim, en ek het 'n arend dopgehou, hoe sy haar kleintjies bring, en wat sy met hulle doen. En ek het gedink: "Hoe verstommend!" My verkyker geneem, en reguit opgekom na waar sy was.

28 En een jaar was ek daarbo besig om elande te jag. En die sneeu moet die elande ondertoe jaag, indien nie, is hulle wild, hulle gaan nie onder in die valleie in, waar vissermanne, en dinge, partymaal in die stroompies opkom nie, en maar hulle bly baie hoog. En daar was geen sneeu om hulle te laat afkom nie.

29 So, ek en die plaasboer was, het vertrek, ons sou mekaar sien binne die volgende twee of drie dae, en ons sou ontmoet waar ons oorkant gejag het, hy aan die een kant van die skeiding, ek aan die ander. En ek het omtrent 'n paar pakperde gehad, en 'n saalperd, so ek het ver opgeklim waar ek nie my perd vroeg daardie oggend geneem het nie, en hoog opgegaan, hom net gekniehalter, sodat hy 'n rukkie kon wei, en hoog opgegaan.

30 En in die herfs van die jaar rondom Oktober daar, sal dit 'n tydjie reën, en 'n tydjie sneeu. O, julle weet hoe dit is, amper soos 'n Maart hieronder. Dan sal die son kom en dit alles afdroog. En 'n storm het opgekom, een van daardie vinnige Noordelikes, en daar was 'n ou omgewaaide boom naby, ek was amper by die boomlyn, en ek het net agter 'n boom ingegaan, en soos *hierdie* gestaan tot die storm verby was. En na die storm verby was, het ek daar gestaan. Die wind het baie koud geword toe die storm gewoed, die wind gewaai, en die reën geval het, die herfsreëns, en die immergroen bome het gevries.

31 Toe ver agter in die weste, het die son uitgekom, en ek het opgelet dit skyn ondertoe, en tref die kant van die berg, daardie immergroen bome het gevries, dit het 'n reënboog oor die vallei gevorm. Daardie yslike groot oog wat daaragter in die weste sit en in daardie rigting kyk, ek het gedink: "Dis soos die oë van God wat heen-en-weer deur die hele aarde gaan."

32 Julle weet, jy kan net nêrens heen gaan sonder dat jy God kan sien, as jy net na Hom sal soek nie, Hy's net—Hy's net oral. Jy moet Hom egter eers *hier*binne kry, Hom dan jou oë laat gebruik om te kyk. Kry Hom *hier*binne, Hy sal jou tong gebruik om te praat, net, Hy sal net jou hele wese gebruik, net soveel as wat jy aan Hom sal oorgee, dis hoeveel Hy kan gebruik.

33 God het 'n verskriklike tyd om 'n kêrel te kry om oor te gee aan Hom. Soos Simson, Simson was soort van 'n damesgek, hy het sy krag vir God gegee, maar wou nie sy hart vir God gee nie, hy het dit vir Delila gegee, en dis al wat God kon gebruik, was sy krag. En net soveel as wat jy vir Hom sal gee, dis wat Hy van jou kan gebruik. O, laat ons net alles vir Hom gee, sê: "Hier is ek, Here, neem my net."

34 Terwyl ons was . . . Ek het daar gestaan, ek het daarna gekyk, ek het daardie reënboog gesien, en ek het gesê: "Kyk hier, God is reg bo-op hierdie berg, *daar* is Hy in die reënboog." Jy sien Hom in Openbaring 1, gelyk, julle weet, soos 'n reënboog, wat wandel tussen die sewe goue kandelaars, in voorkoms soos jaspis en—en sardiussteen, Benjamin en Ruben, eerste, laaste. En ek het daarna gekyk, en ek het gedink: "Is dit nie pragtig nie!"

Omtrent daardie tyd, het 'n ou gryswolf gehuil op die heuwel, en die maat het dit beantwoord onder aan die onderkant.

Ek het gedink: "Ja, daar's God daarin."

35 Die storm het die elandtrop geskei, daar was omtrent, ek het oor die tagtig elande in daardie trop gekry. En net die grootste bulle probeer kry, soos enigiemand verstaan. Ek hou van hulle net soos julle met julle beeste sou maak, jy wil hulle nie uitroei, en, net omdat jy hulle kan skiet nie, maar net die oues uithaal, want as jy dit nie doen nie, wel, benadeel dit jou trop.

36 En ek het 'n ou bul aan die kant hoor beuel blaas, omdat hy afgedwaal het van die ander trop. O, goeiste! Julle praat van, soos

Dawid gesê het: "Die diepte wat roep na die diepte!" Daarbo gestaan, en daardie wolf hoor huil daar oorkant, hierdie eland hier oorkant hoor beuel blaas: iets *ver* onder in my binneste het begin opborrel, ek het gedink: "O God!" Ek het gedink: "Dis goed om hier te wees. Ek wens ek kon drie tabernakels bou."

37 Ek het so bly geword, ek het my ou geweertjie teen die kant van die boom neergesit, en om, en om, en om daardie boom het ek gegaan, geskree net so hard as wat ek kon, op-en-af gespring, en my arms heen-en-weer geklap. Ek het gesê: "Halleluja! Halleluja! Halleluja!" rondom.

38 Wel, as iemand in die woude was, sou hulle, gedink het hulle het 'n maniak daarbuite. Om-en-om die bos het ek gegaan, net so vinnig as wat ek kon gaan, en gesê: "Prys God! Prys God! Halleluja!" Net so vinnig gehardloop as wat ek kon, want ek het goed gevoel. Ek het nie omgegee dat enigiemand anders my sien nie, ek het net—ek het net die stoom afgeblaas, as ek nie het nie, sou ek gebars het, so ek moes net fluit, 'n bietjie by die fluitjie uitblaas.

39 So, ek het net om, en om, en om gegaan so vinnig as wat ek kon. Naderhand het ek gestop en my hande opgegooi, ek het gedink: "*Daar* is Hy, oorkant in die reënboog; *hier* is Hy *hier*onder, wat huil in die wolf; *hier* is Hy, wat beuel blaas in die eland; *hier* is Hy, in my hart. O, U is net oral!" En om, en om, en om die boom het ek weer gegaan. Ek het gedink: "O, dis goed om hier te wees! Wens dat ek vir my 'n hut kon bou en hier bly."

En toe het ek gedink: "Nee, soos dit was met Petrus, Jakobus, en Johannes, daar's 'n siek kind net onder die heuwel," julle sien: "moet afgaan."

40 So terwyl ek daar gestaan het, het ek opgelet ek moes 'n ou denne eekhorinkie ontstel het. Ek weet nie of julle Tex-. . . O, sekerlik, julle ken, as dit enige ander plek is, het julle dit in Texas. Maar 'n denne eekhorinkie het opgespring op 'n stomp daar waar daar 'n ou omgewaaide boom was, en hy het net allerhande dinge vir my begin sê. Ek reken ek moes die kêreltjie halfdood laat skrik het. En ek het rondgehardloop soos daardie, ek het oorkant toe gekyk, en hy het daar gesit en daardie stertjie rondgepluk, net: "*Babbel-babbel-babbel! Babbel-babbel-babbel! Babbel-babbel-babbel!*"

41 Ek het gedink: "Wat makeer jou, kêreltjie? Ek aanbid die einste God wat jou geskape het. Wil jy nog daarvan sien? Hier gaan ek!" Om, en om, om, weer om. Ek het gedink: "Hoe het jy daarvan gehou? Hoekom hardloop jy nie 'n bietjie rond nie?"

Maar die enigste ding wat hy daar kon sit, en gaan: "*Babbel-babbel-babbel! Babbel-babbel-babbel!*"

42 Toe het ek gedink: "Nou, God, waarom het U my aandag gevestig op daardie kêreltjie, wanneer ek net so 'n wonderlike tyd hier het, ek en U?"

43 Ek het na hom gekyk, en hy het yslike groot, gogga oë, in elk geval, julle weet, lyk asof hulle uitsteek op sy wange, veral as hy baie opgewonde raak, en hy het afgekyk soos *hierdie*, ek het gedink: "Hy kyk nie na my nie."

44 Toe uitgevind, die winde wat in daardie storm gewaai het, het 'n groot ou arend afforseer onder hierdie goed in, onder hierdie omgewaaide boom in. Hierdie yslike groot ou, bruin arend het daar uitgekom, daar uitbeweeg, dis waaroor die eekhorinkie opgewonde was, hy het my glad nie gepla nie, hy was nie bekommerd oor my nie. So hy het daardie arend daaronder dopgehou, want daardie arend kon hom baie maklik optel, julle weet.

45 So ek. . .Hy het daar uitgespring, hierdie groot arend, en ek het gedink: "Wel, nou wat weet jy daarvan?" Ek het hierdie groot arend daar sien opspring, en daardie yslike groot, fluweel-oë wat rondkyk, julle weet. En gedink: "Is hy nie 'n mooi ding nie?" Omtrent tien voet van my af gestaan.

46 En ek het gedink: "God, waarom het U nou my aandag op daardie arend gevestig, in plaas van om my te laat rondhardloop, om hierdie boom? Ek—ek weet nie hoekom U my na so 'n kêrel sou laat kyk nie. As ek net 'n takbok doodmaak, en hom nie goed bedek nie, sou hy hom wegdra. So waarom sou ek na so 'n kêrel soos daardie moes kyk? Ek kyk na U hierbuite in die reënboog, sien U hierbuite in die—in die. . .hoor U in die wolf, en in al hierdie dinge." Ek het gesê: "Waar sou U in daardie arend wees? Tog, het die Bybel gesê dat U Jehova-Arend is, en ons is arendjies. So nou, wonder ek hoe sou U ooit in daardie arend wees?"

47 Ek het gedink: "Wat—wat kon ek in daardie kêrel sien? Ek kan die—die—die eland sien, hy's 'n yslike groot monarg, hy's die monarg van die woude, ek sien selfs die wolf met sy eensame huil, en—en ek kan die reënboog sien, maar daardie kêrel, wat van hom, goddelik?"

48 En ek het net opgelet, hy het daar gesit, en ek het gesê: "Weet jy wat?" Ek het gesê: "Ou kêrel, ek kan jou skiet as ek wou." Ek het gesê: "Ek—ek kan jou skiet, glo jy dit?"

49 Hy het nooit enige aandag aan my gegee nie, net daar gesit, en daardie yslike groot kop wat opkyk, julle weet, en daardie oë wat oor die hemele uitkyk, dan terugkyk na my. En ek het bly oplet dat hy daardie chipmunk dopgehou het. Wel, ek dink hy het sy oog daarop gehad om daardie eekhorinkie te vang, is wat ek dink, of, daardie grond-eekhorinkie, of, denne-eekhorinkie. Ons noem hulle chipmunks in Indiana, maar hulle is eintlik denne eekhorinkies. So hy, ek het hom dit sien dophou.

50 Ek het gedink: "Wel, wat—wat van hom?" Ek het gesê: "Wel, daar's een ding, hy's nie bang nie." En ek het gesê: "Ek sal sien hoe bang hy is." Ek het gesê: "Jy weet ek kan jou skiet?" Hy het net na my gekyk. Ek het my hand na my geweer toe begin opsteek,

ek het hom daardie vere sien beweeg, ek het gesê: “Ek sien dit, ek sien wat dit is.”

51 Sien, hy het geweet dat hy in daardie bome kon wees voor ek nog my hand op daardie geweer kon kry. Dis reg. Hoekom? Hy het twee vlerke gehad. God het hom twee vlerke gegee om van gevaar af te ontsnap. En ek het hom daardie vere sien voel, ek het gedink: “O God, ek sien waar U nou is.”

52 Iemand het vir my gesê: “Is jy nie bang jy sal ’n fout maak, partymaal, daarbo nie?”

53 O, nee. O, nee. Solank ek net kan voel Sy God-gegewe Teenwoordigheid is hier, laat hulle enigiets sê wat hulle wil, dit maak geen verskil nie.

“Is jy nie bang iemand sal ’n skoot op jou afvuur nie?”

Nee, nee. Huh-uh. Ek is nie bang solank ek Sy Teenwoordigheid kan voel nie, daardie God-gegewe krag, dis al, net Sy Teenwoordigheid hierrond voel.

“Is jy nie bang hulle sal jou klassifiseer as ’n holy-roller nie?”

54 Het dit klaar gedoen, het niks gehelp nie, ek gaan net in elk geval aan. So, maak nie saak nie. Net Sy Teenwoordigheid hier voel, julle weet, sien dat elke veer net reg lê. O, goeiste!

55 Ons behoort nou en dan na te gaan, en net te kyk hoe alles voel. Dink julle nie so nie? Ek hou daarvan. Net daardie baie gemaklike gevoel te voel, soos wat ek net nou voel. Sien? Hy’s nou reg rondom.

56 En ek het gedink: “Wel, ek sien wat dit is. En nog iets, hy’s nie bang nie, want hy weet waar hy staan, hy weet net hoeveel hy kan doen, en hoeveel hy nie kan nie. En hy vertrou sy God-gegewe gawe om hom van die gevaar af weg te neem.”

57 En as God ’n arend soveel vertroue met instink kon gee, hoeveel groter vertroue behoort ons te hê, amen, met die krag van die Heilige Gees op ons, om ons uit gevaar uit weg te neem? Vlieg weg. Sekerlik, kom net weg daarvan, styg net op, glo dit.

58 Nie nodig, dat ons so moet wees, siek wees, of opgebreek, en verdeel in ’n honderd en. . .negehonderd nege-en-sestig verskillende organisasies, en dinge nie, laat ons wegvlieg daarvan. Amen. Kom daaruit, ons is nie gebind deur enigiets nie, nee, maar vlieg net weg.

Mense sê: “O, dae van wonderwerke is verby.”

59 Julle moet dit nie glo nie. Voel net daardie God-gegewe krag om jou wat jou gered het en jou gevul het met die Heilige Gees. Wat—wat’s dit? Hou jou—hou jou gevoelens van die Heilige Gees om jou, sien alles, die ratte loop almal reg, goed ge-olie met oogsalf, julle weet, en alles, sodat jy regtig kan uitbeweeg wanneer dit tyd word.

60 Toe het ek hom 'n bietjie dopgehou, en ek het uitgevind dat—dat hy nie bang was vir my nie, maar hy het net, hy het moeg geword van daardie ou eekhorinkie wat daar gesit het, ou denne-eekhorinkie wat gesit het, wat maak: "*Babbel-babbel-babbel! Babbel-babbel-babbel! Babbel-babbel-babbel!*" Hy het genoeg daarvan gehad, ek reken miskien het hy met instink geweet dat ek hom in elk geval nie sou geskiet het nie, want ek het hom bewonder terwyl hy daar gesit het.

61 Ek hou van enigiets wat dapper is, ek haat 'n lafaard. Ek haat 'n man, of, om 'n man op 'n preekstoel te sien kom en bang om sy oortuigings te preek. Broer, ek sê jou, ek sou dit sê as hy my geskiet het, net dieselfde. Ek—ek wil . . . En gaan na 'n kantoor toe, en iemand word genees deur die krag van God, en bang om iets daaroor te sê. Iemand sê dat hulle: "Ja, ek glo die Here is 'n Geneser," en dan bang om daarvan te getuig.

62 O, broer! Skaam vir die Heilige Gees, God kan jou nie gebruik nie, God wil manne van—van dapperheid hê. Amen. Ons is verwant aan die Leeu, die Leeu uit die stam van Juda. Dis reg. Erns, onwrikbaarheid, dapperheid. O, hoe ek kon begin met daardie Leeu, en hier van my teks afdwaal!

63 Maar oor—oor hierdie arend, ek het hom vir 'n paar minute dopgehou, en naderhand het hy moeg geword om daardie *babbel-babbel* daar te hoor, so hy het net een groot sprong gegee, en hy het sy vlerke geklap, sy vlerke omtrent drie keer geklap soos *daardie*, hy was klaar bo daardie bome.

64 Toe het ek gedink: "Goeiste, wat 'n krag!" Die wind het my amper omgewaai toe hy daar opgestyg het, die krag van daardie vlerk wat opkom: "*Phew! Phew!*" soos daardie, hy was reg bo in daardie bome. Ek het gedink: "Goeiste, hy kan ver vlieg!"

65 Maar weet julle wat? Hy het nooit weer sy vlerke geklap nie, nee, hy het net geweet hoe om hulle te stel. En elke keer wat die wind sou inkom, sou hy 'n bietjie hoër opry, hy sou hulle weer verstel. Wanneer die winde in die vallei sou opkom, sou hy 'n bietjie hoër ry, nie—nie meer eenkeer klap nie, hy het net weggery.

66 Ek het daar gestaan, ek het begin huil, ek het gedink: "Here, ek gaan nog 'n aanval kry, net so seker soos die wêreld." En ek het gekyk, en daar het hy gegaan, en ek het hom dopgehou totdat hy net 'n klein swart spikkeltjie geword het, *ver* in die lug. Ek het gedink: "Dis reg, Here. Dit is nie sluit *hier*by aan, en gaan sluit *daar*by aan, en klap, klap *hier*, en klop, klop *daar* van *een* plek na *'n ander* nie, dis om te weet hoe om jou vlerke in die krag van geloof te stel en weg te vlieg."

67 Laat daardie aardsgebonde eekhoring daar sit, sê: "*Babbel-babbel!* Dae van wonderwerke is verby. *Babbel-babbel!* Nie so-iets soos die Heilige Gees nie. *Babbel-babbel-babbel!* Dis alles onsin, dis net opgewerk, dis—dis entoesiasme, glad nie so-iets nie."

68 O, goeiste! Stel net jou vlerke. Halleluja! Wanneer die Heilige Gees inkom soos 'n golf, ry net reguit Daarop, soos daardie. Gaan uit die pad uit Daarmee, gaan op, op, op, op, totdat jy dit nie eers meer kan hoor nie. Dis die manier, kom so hoog in die atmosfere van God se genade totdat jy nie eers daardie *babbel-babbel* hier hoor nie, dood word vir jou, jy's bo in die Hemele.

69 Nou, 'n arend is 'n hemelse voël gemaak, hy is beslis. En daar's geen ander voël wat by hom kan kom nie. Nee, meneer. Hy's die koning van die voëlfamilie. Dis waar.

As 'n. . .Jy praat, sê jy: "'n Valk het 'n valkoog."

70 Julle het dit gehoor. Ha! Hy's 'n amateur. Hy weet nie waarvan hy praat nie. As daardie valk ooit sou probeer vlieg saam met daardie arend, sou hy disintegreer in die lug. Die arend is 'n spesiaal geboude voël, hy moet wees, want hy kan hoër vlieg as enige ander voël. Wel, nou, as hy nie 'n spesiaal geboude liggaam gehad het wanneer hy daarbo gekom het nie, sou hy disintegreer, ook.

71 Dis hoe mense probeer naboots, om iets te wees wat hulle nie is nie. Dis wat al julle ongelukke op die pad veroorsaak, wat ek bedoel, op die pad van die lewe, want hulle iemand anders probeer naboots, en hulle is nie so gebou nie, hulle is nie daarvoor gemaak nie. Ek weet nie of dit ingesink het of nie, maar ek hoop dit het, maar, in elk geval. O, ja. Amen.

72 Ons vind uit, julle weet, die—die onbesnede Egiptenaar wat die besnede Israeliete probeer volg het, hulle het ook gedisintegreer, op die bodem van die see, hulle kon nie oorgaan nie, hulle wiele het vasgeval in die modder.

73 Nou, ons let op, as die arend, en as hy . . . Wat sou dit help . . . ? Nou, dis waarom God Sy profete met arende vergelyk het, omdat hulle so hoog kon gaan.

74 Nou, hy's 'n spesiaal gemaakte voël. En o, sy vere is so styf, jy kan hulle skaars uittrek met 'n tang. Hulle is so styf, want as hulle nie was nie, wanneer hy daarbo gekom het, hulle, bo in daardie sfere daarbo in, hy—hy, sou hulle uit hom uitkom, hy sou terugval op die aarde, en net, hy sou disintegreer.

75 En as 'n valk hom probeer volg het, of die kraai hom probeer volg het, sou hy hom net in die stof los. En dit, as hy enigsins hoër gegaan het, hy sou *so hoog* gaan, is dit net hoe hoog hy kan gaan, want hy's 'n kraai, of valk, maar 'n ou arend hou net aan klim.

76 Nou, wat sou dit hom help om daarbo te kom, as hy ook nie toegerus was met 'n oë wat ver weg kon sien nie? Dis reg. Wat help dit om hoog te klim, as jy nie ook hoog lewe nie? Lewe soos jy klim, so hoog soos jy spring, lewe so hoog. Julle weet wat ek bedoel. Dis wat soveel smaad op die kerk bring, is mense wat hoog opspring, en baie laag lewe, sien. Dis die ding wat ons behoort te doen, ja, te lewe net so hoog soos jy spring. Dis reg.

77 Nou, as die arend nie 'n rede gehad het om daarbo te wees nie, sou hy nooit so gemaak gewees het nie. So dis waarom God hom gemaak en hom Sy profeet genoem het, want 'n profeet styg hoër op, soos Jesaja, Jeremia, en hulle, hulle het *ver* opgegaan. En hoe verder jy opgaan, hoe verder kan jy sien. Nou, party mense bly net die heeltyd op die grond, so sy visioen is net reg *hier*. Maar soos jy styg, hoe hoër jy styg, verder kan jy sien. O, goeiste! Geen wonder party mense is so bysiende nie, hulle het nog nooit hulle voet van die grond af gekry nie. O, hoe hoër jy kan styg!

78 En die arend is die hoogste van alles, hy kan hoër styg as enige ander voël, niks kan hom volg nie. Wel, ek twyfel of 'n vliegtuig by hom kan uitkom, of nie. [Leë kol op band—Red.] . . . maak dit daar, wek sy eie lug op.

79 Maar wanneer jy daarbo inkom, hierdie voël, die lewendige voël daarbo, hy het rondgekyk, hy kan sien, sy oë soveel beter as die valk, dat hy daarbo kan kom en dinge sien. Soos as—as daar 'n storm aan die kom was, en jy kon hoog genoeg in die lug wees, jy kon dit honderde en honderde myle ver sien, as jy hoog genoeg op was, kon jy dit sien.

80 Wel, God het Sy profete geneem en hulle so hoog opgelig, soos Jeremia, en Jesaja, Johannes, en hulle, totdat hulle reg tot onder in die Millenium kom sien, amen, *ver* vooruit.

81 Ek was daar om 'n broer in Phoenix te besoek nie lank gelede nie, 'n Broer Outlaw. Hy het gesê . . . Dis 'n verskriklike naam vir 'n Christenbroer, maar hy's 'n goeie man, en hy's een van my . . .

82 Broer Kidson, toe ek en jy daar was, was ons by sy kerk. En hy het 'n koor daarbo gehad, hulle het soos goddelike vroutjies gelyk, met geen grimering op hulle gesig nie, en het lang hare, en rokke gehad. Ek—ek altyd . . . Wat is dit? Wat is dit, wat julle dit noem? Ek kry altyd . . . Maskara. Dit—dit—dit klink nie reg nie. O, in elk geval, dis op die lippe, en op die, net oraloor, sien. So, *verf* is eintlik wat dit is. Wel, ek reken dis dit, ook, wat dit ook al is. Wel, in elk geval, hulle was nie so aangetrek nie. En hulle ou gesiggies, net so blink soos 'n geskilde ui.

83 En daar het daar gestaan, en hulle, hierdie seuntjie wat daarbuite gestaan en sing het: "Ons gaan op, op, op." En hy het gesê: "Die eerste rondte was regverdigmaking, tweede rondte, heiligmaking." [Leë kol op band—Red.] " . . . verheerliking. Toe het die Heilige Gees neergedaal." Gesê: "Ek het begin opgaan, op; op, op, op; op, op; op, op, op tot ek die Melkwitweg getref het."

84 Ek het gedink ek was toe weg, want ons het net gevoel . . . Dis daardie arend wat opstyg, wat *ver* opgaan daarin, jy kan die Koms van die Here sien.

O, geen wonder, toe daardie vroutjie vir Grant in Richmond sien inkom het daarbo, sy gesê het nie:

My oë het die heerlikheid van die koms van die
Here aanskou;
Wat die wyn uittrap waar die druiwe van toorn
gestoor word.

Sekerlik, deur die visioen te kry van die Koms van die Here, wat opgaan.

85 Nou, hy's 'n spesiaal geboude voël, hy kan hoër vlieg, en as hy daarbo kom, kan hy ver sien. En Jehova, Pappa Arend, sit heelbo in die Hemele. O!

86 Toe Hy hier op aarde was, is Hy die laagste naam gegee wat ooit gegee kon word, Beëlsebub; Hy het gegaan na die laagste stad wat daar in die wêreld is, Jérigo, en so laag gedaal dat Hy moes opkyk in 'n boom om die kleinste mannetjie in die stad te sien. Dis reg. Hy is alles op aarde genoem, slegte name, alles, maar toe Hy verhoog is, is Hy 'n Naam gegee bo elke naam wat in die Hemel en op die aarde genoem word, en die hele familie, beide in die Hemel en aarde, is vernoem na Hom, Hy is so hoog verhewe, dat Hy moet afkyk om die Hemel te sien. Nou, dis wat God met Hom gedoen het toe Hy Daarbo gekom het, dis die verskil.

87 Nou, jy moet begin opgaan. Nou, ons is net so laag as wat ons kan wees wanneer ons sondaars is, laat ons begin opgaan, met die Melkwitweg, dit net tref en bly voortgaan (Nou, ons vind dat. . .), opgaan, op, opgaan na die Koninkryk van God.

88 Nou, hierdie profete, wanneer hulle daarbo kom, gaan so ver op waar ander voëls van intelligensie nie kan sien nie, hulle het nie geweet nie, hulle kon nie daarbo kom in die eerste plek nie, maar God het gesê Sy profete was Sy arende. En nou, God het vir ons gesê, julle weet, in die Bybel dat Hy Israel uit Egipte uitgebring het op die vlerke van 'n Arend, dit was Sy vlerke. O, daardie Vuurkolom vir 'n rigting, Hy het Israel op Sy vlerke gedra!

89 O, hier nie lank gelede nie, toe ons gebring het. . .Palestina wat weer geroer is, Lewi Pethrus 'n miljoen Nuwe Testamente sien afstuur het na daardie Jode wat van onder in Iran af opgekom het, ensovoorts. En hulle het daardie Nuwe Testament gelees, en hulle het nog nooit gehoor van so-iets soos die Here Jesus wat op aarde was nie, hulle was daaronder vandat die Romeine hulle weggevoer het, en hulle het gesê: "As hierdie die Messias is, laat ons Hom die teken van die profeet sien doen, ons sal dit glo."

90 O, wat 'n platvorm vir die bediening! Ek het dadelik vertrek. Toe ek onder by Kaïro, Egipte gekom het, het ek my. . .Dertig minute, sou ek in Palestina gewees het. En Iets het my getref, en ek het uitgegaan agter 'n loods, gesê: "Die uur is nog nie." Ek het teruggegaan, en na Griekeland toe gegaan, toe verder oor na Indië, die uur was nog nie. Roep daardie Jode uit, hulle glo dit, broer. Ja, meneer.

91 En ek het gedink: "Wat 'n tyd om daardie broers daar uit te bring, en te sê: 'Is dit waar dat julle gesê het as hierdie Messias die Seun van God was, Hy die Messias was waarvan gepraat is, julle Hom die teken van die profeet wil sien doen, julle Hom sal glo?' Is dit reg?"

92 En ek sou sê: "Nou, soek vir julle 'n paar manne uit en kom hiernatoe, ons sal uitvind of Hy steeds die Profeet is of nie, of Hy is. Reg op hierdie selfde grond waar julle voorvaders die doop van die Heilige Gees ontken het, ontvang dit nou."

93 O, dan het die—die Evangelie na die Jood toe gegaan, dan is die Heidense dag verby. Net 'n kort tydjie, die deur oop, julle klein arendjies, julle beter klap, en gereedmaak om hier uit te kom, want die deur van genade sal toegemaak word een van hierdie dae. Dit is waar.

94 O, wat 'n groot ding! Hoe God. . .daardie. . .Toe hulle die vliegtuie daaronder ingebring het, ek reken julle het dit gelees in—in die *Reader's Digest*, nee, ek sê julle, dit was in *Look* tydskrif. Ek het 'n—'n—'n film wat wys *Drie Minute Voor Middernag*, *Drie Minute Voor Middernag*, en dis in die lewensgrote beeld van in Palestina inbring. Broer Arganbright, baie van die vriende daaronder. . .

95 En hierdie. . .Hulle het hierdie, wat hierdie Jode ingedra het, ou, kreupeles op hulle rug. So hulle het opgegaan om onderhoude met hulle te voer, hulle het gesê: "Kom julle terug om in die tuisland te kom sterf?"

Gesê: "Nee, ons kom om die Messias te sien." Hmm!

96 "Wanneer die vyeboom sy takke uitstoot," o, broer! Israel word weer 'n volk daar, die ou ses-punt Ster van Dawid wapper, die oudste vlag in die wêreld, die eerste keer wat dit gewapper het vir vyf-en-twintighonderd jaar, hulle is nou in hulle eie land. Dis God se kalender. Messias sal kom, net so seker as wat hulle daar staan en wag vir Hom. Ons is aan die eindtyd. O, klein arendjies, druk deur die deur van genade, en vlieg so hard as wat julle kan.

97 Toe hulle hulle gebring het, daardie vliegtuie het afgekom om daardie Jode te kom haal, hulle het nog met ou, hout-implimente geploeg, soos hulle honderde en duisende jare gelede het. Hulle doen dit nog steeds in Suid-Afrika. So toe, toe, vind ons uit dat hulle bang was vir daardie vliegtuig, hulle was bang om daar in te klim, een ou rabbi het daar uitgestap, en gesê: "Moenie bang wees nie." Hy het gesê: "Ons profeet het ons belowe dat ons eendag na die tuisland toe sou gaan op die vlerke van 'n arend."

98 Daardie groot TWA het opgestyg met daardie Jode, dis wat die profeet gesien het. Hy—hy het nie geweet wat dit was, soos wat jy dit 'n vliegtuig sou noem nie, hy het gesê: "Dis arende se vlerke waarop hulle sal terugkeer," daardie ou vliegtuig sien opstyg daaronder vyf-en-twintighonderd jaar gelede, en nou

gebeur dit net nou, wat hulle terugbring op die vlerke van die arend.

99 Daardie arend is ’n voël, omtrent ’n voël! Bo in Cincinnati Dieretuin, ek neem graag die kinders soontoe. Op ’n manier, haat ek dit om enigiets in ’n hok opgehok te sien word, ek voel so jammer, want ek is lief vir wildlewe, maar ek—ek het nie enige nie, nie eers ’n hond by die huis nie, want ek sou hom vasgemaak moes hou. Ek haat dit om enigiets in die tronk te sien, enigiets behalwe ’n gevangenis. Sit daardie arme diere daarbinne vir almal om na hulle te kom kyk, rond te kyk, ek dink dis—dis net pateties. En dan dink ek as ek net die geld gehad het, sou ek hulle almal koop, hulle terugneem na hulle tuislande, en dit loslaat, en sê: “Gaan maar, hardloop nou so vinnig as wat julle kan, gee pad!” Ek blameer nie . . .

100 ’n Klomp geverfde goed wat daar staan en na hulle kyk, sigaretrook in hulle neus blaas, o, goeiste, ek sou haat om self daar te staan soos daardie. Ag, dit behoort net aan die ander kant te wees, die sigaretroker behoort daarbinne te wees. Hy sou meer iets wees om in te hok, hy weet nie genoeg om vir homself te sorg nie.

101 Toe, voor jy jou kom kry, het ek afgegaan, my dogtertjie, Sarah, geneem, ons het hand-aan-hand geloop, ons het afgegaan na die voëls. En daar was ’n yslike groot hok daaronder, hulle moes net hierdie groot kêrel gevang het, was ’n yslike groot arend, hulle het hom daar gesit. O, hy was reuse, groot kêrel, yslike groot voete, gelyk asof hy ’n kalf kon optel en daarmee wegvlieg.

102 Wel, ek—ek het ’n geklap daaronder gehoor, en die vere wat waai, ek het gedink: “Wat makeer?” So ek en Sarah het soontoe geloop; sy was ’n klein kleutertjie.

103 En ek het net soveel pret met my kinders. Is julle nie lief vir kinders nie? Hierdie klein Sarah, net ’n paar jaar gelede was ek in ’n diens, en ek het een aand huis toe gekom, en hulle het gewag vir Pappa om in te kom. Hulle is albei Pappa se dogtertjies, julle weet. So hulle—hulle het gewag, en ek het nie ingekom voor baie laat nie, so Mamma het hulle in die bed gesit, en ek het omtrent twee- of drie-uur ingekom.

104 En ek was so opgewerk deur die dienste, daardie visioene en dinge werk my so erg op, so ek kon nie slaap nie, so ek het omtrent sesuur opgestaan, in die sitkamer ingegaan, en gaan sit op ’n—op ’n stoel, ek het net daar gesit, gedink aan die diens.

105 Meteens, het ek onder in die—die meisieskamer ’n groot geraas gehoor, en—en ek het gekyk, en hier kom Becky, my oudste. Sy’s soort van langbeen, julle weet, en—en Sarah is ’n klein outjie. En so, hier kom Becky so vinnig as wat sy kon, net aangehardloop, en sy het reg op my skoot gespring soos daardie,

en albei arms om my gegooi, my begin omhels, geskree: "Pappa, Pappa, Pappa!"

106 En ek het daar agtertoe gekyk, julle weet, dit laat net 'n man se hart uitswel, en ek het gekyk, en hier kom haar sustertjie, Sarah, met gebruikte klere aan. Julle weet hoe die tweede een altyd raak, pajamavoete omtrent *so*veel te lank, julle weet. Sy het my laat dink aan die klein interdenominasionele kerkie, en die—die ander langbeen was al 'n lang tyd daar, julle weet, so is soort van al 'n lang tyd hier, het baie dinge geweet.

107 So sy het haar arms om my gegooi, en sy het Sarah soontoe geklop, en sy het gesê: "Sarah, my suster," klein Sarah het gestop, gesê: "ek wil hê jy moet dit verstaan, my suster, Ek was eerste hier, en ek het alles van Pappa, en daar's niks oor vir jou nie." Arme . . .

108 Dis net omtrent hoe hulle ons probeer sê, dis reg, daardie langbeen, wat daar ver terug was vir 'n lang tyd gelede, julle weet, so, gesê: "Het alles van Hom."

So, gesê: "Ek het alles van Pappa, en daar's niks oor vir jou nie."

"Kan net sowel jou deure toemaak." Sien?

109 Klein Sarah wat daar gestaan het, haar lippies het gesak, haar klein, swart ogies, traantjies wat uitkom op hulle soos *daardie*, ek het na haar gekyk, vir haar geknipoog, my vinger beduie, my ander been uitgesteek.

110 Hier het sy gekom, voete wat in elke rigting klap, julle weet, teen my been opgespring. En sy was soort van, kon nie, sy—sy was nie lank genoeg georden nie, julle weet, sy—sy—sy was soort van wankelrig, so ek moes uitreik en haar met albei arms beetkry, of sy sou afval, en ek het haar teen my vasgedruk.

111 Sy het my omhels, en 'n oomblik vasgehou, sy het omgedraai, daardie groot oë, julle weet, en daardie glimlag op haar gesig, sy het gesê: "My suster, Rebekah, ek wil vir jou ook iets sê." Sy sê: "Dit mag so wees dat jy eerste hier was, en jy alles van Pappa het, maar ek wil hê jy moet weet dat Pappa alles van my het."

112 So ek . . . ? . . . Ek wil hê Hy moet alles van my hê. Ek ken nie—ek ken nie al die teologieë, en die *D-ologië*, en die Ph., H.H.D.'s, en Q.U.D.'s nie, enigste ding wat ek weet, Hy het alles van my, toegedraai *hier*in. Dis al waarvoor ek omgee, solank ek weet dat Sy Gees my in Sy genade en goedheid toegedraai het. Niks wat ek probeer verdien nie, niks wat ek kan verdien nie, niks wat ek kan doen nie: "Niks in my arms bring ek nie, net eenvoudig aan U kruis klou ek vas." Here, neem alles van my. Dis die manier.

113 Ou klein Sarahtjie en ek wat aangaan, was paar dae daarna, ek wat haar aan die hand vasgehou het, en ons het afgegaan na hierdie arendhok. En ek het een van die mees patetiese gesigte gesien wat ek gedink het ek al ooit gesien het, dit was 'n groot ou

arend wat pas gevang is, en hy wat in hierdie hok gesit het. Hy het op sy rug gelê toe ek nader gegaan het, yslike groot vlerke het uitgesprei soos *daardie*. Ek het opgelet hy bloei oral aan die voorkant van sy vlerke, en sy kop het oral gebloei, die vere daarvan afgeslaan, die rand van sy vlerke, ek het gedink: "Wat makeer daardie arme voël?"

En ek het klein Sarah opgetel en haar bene oor my nek gesit, sodat sy in die hok kon sien, en sy het gesê: "Pappa, hy bloei!"

Ek het gesê: "Ja, miskien. . .Daar is niks daar vir hom om teen te veg nie, ek weet nie waarteen hy veg nie."

114 Naderhand, het hy opgestaan, daardie moeë kop geskud, sy kop gedraai, en *so* gekyk. Julle weet, hy's 'n hemelse voël. Hy het agter in die hok ingegaan soos *daardie*, hier het hy in die hok afgekom net so vinnig as wat hy kon, daardie groot vlerke geklap, en sy kop weer reg in daardie hok vasgestamp, wat hom agteroor op die vloer laat val het, en hy, bloed wat uit sy vlerke uitgeloop het waar hy hulle teen daardie hok probeer slaan het om uit te kom. Dit het hom so hard geslaan daardie keer, dat hy daar gelê het, en sy moeë oë het opgekyk in die lug.

115 Ek het gedink: "O God, is dit nie jammerlik nie!" Toe het iets in my hart getref, ek het gedink: "Nee, dis nie die jammerlikste ding wat ek nog ooit gesien het, 'n dier in 'n hok nie, die jammerlikste ding wat ek nog ooit gesien het, is 'n man wat gebore is om 'n seun van God te wees," halleluja: "vasgepen deur een of ander organisasie, of een of ander geloofsbelydenis wat vir hom sê: 'Die dae van wonderwerke is verby. Daar is glad nie so-iets soos die doop van die Heilige Gees nie.'" Wanneer hy in daardie ou denominasionele geloofsbelydenisse lê en rondkyk soos daardie!

116 Hy is gebore om 'n seun van God te wees, geloofsbelydenisse het hom in 'n hok gesit, God wil hom uit hê. Amen. Kom daar uit, jy is gebore. . .Dit was die werk van 'n mens wat daardie arend daarin gesit het, dis 'n werk van 'n mens wat julle mans in geloofsbelydenisse en denominasies sit, hulle is almal van die duiwel. Ja, meneer. Sit 'n man onder 'n geloofsbelydenis: "Dae van wonderwerke is verby, glad nie so-iets soos vreugde van die Heilige Gees nie, glad nie so-iets soos uitroep nie, glad nie so-iets soos praat in tale nie, geen Goddelike genesing nie." O, goeiste! Jammerlik! Seuns van God, gebore om vry te wees, dan ingehok.

117 Broers, moenie daardie mans verag nie. Moenie verag. . . Daardie—daardie ring wat hulle daarin gebonde hou, dis die ding om vir hulle te breek. Dis reg. Moet hulle nie verag nie, hulle is. . .hulle is gebore om seuns en. . .van God te wees, hulle is gebore om vry te wees. Moet net nie dat niemand jou inhok in *so-iets* nie, dis die ding. Bly uit daardie ou hokke uit, dis presies reg.

118 Die ou arend, hy's so 'n wonderlike voël. Sy gewoontes, ek hou daarvan om sy gewoontes dop te hou, wat hy doen. Ek het hulle baiekeer hulle neste sien bou met die aankeer van die beeste, julle weet, sê, my verkyker op hulle gerig, hulle dopgehou. O, ek sou, wanneer dit vroeg in die oggend is, voor ons selfs met die aankeer begin het, sou ek daar opgaan, en my verkyker kry, sien wat daardie ou arend nog aan daardie nes gedoen het. Hy gaan uit, en julle moet hom sien, hy bou nooit sy nes op die grond nie, 'n arend sal nie sy nes op die grond bou nie, die arend bou sy nes *so* ver boontoe as wat hy in die hoogste piek kan kom.

119 Dis waarom God hom met Sy Kerk vergelyk het: "Julle is 'n kers wat op 'n heuwel staan." Dis reg. Hoë ambisies, hoë verwagtinge, ons verwag groot dinge.

Ons is nie, sê: "Wel, ek's Pinkster, dis die einde daarvan," nie.

Dis nie vir my nie, ek verwag groter dinge.

"Ek's Baptis. Ek's Metodis. Ek's Eenheid; Tweeheid; Drieheid," of wat jy ook al is.

Dit bevredig my nie. Ek het die ambisies om aan te beweeg totdat ek Hom, op, op; op, op op ontmoet nie.

"Ek het die Heilige Gees ontvang, dis die einde daarvan."

120 Dit is nie vir my nie, en ek neem Dit steeds net, beweeg hoër en hoër, dis reg, beweeg net aan, baie hoog, hoë ambisies, hoë verwagting, ambisies.

121 Nie: "Wel, ons het 'n baie mooi kerkie, ons sal net vestig. Ek en hierdie klein groepie, ons wil niks van die res van julle in ons groep hê nie."

122 Nie ek nie, ek wil 'n hand uitsteek na elke gevalle geloofsbelydenis, broer, wie dit ook al is, hom inbring. Ambisies, doen iets. Verwagtinge vir 'n man wat ooit in waarheid gewandel het om die waarheid te sien, jy sal hom nooit daar inkry op daardie manier deur hom te verkleineer nie, jy moet, jy sit jou arm om hom, en hê hom lief, laat hom weet dat jy 'n broer is, dan sal iets gebeur. As jy Jehova se familie is, sal jy dit doen. Jy het Sy Gees. Hy het gekom na hulle wat Hom gehaat het, Hom verag en in Sy gesig gespoeg het, Hy het nog steeds gebid hulle sou gered word, sekerlik. Dis die Gees van God in 'n man.

123 Nou, nou, hoe verskillend is daardie arend van 'n hoender! O, wel, 'n hoender is 'n voël, net soos 'n arend is. Het julle dit geweet? Wel, 'n—'n hoender is net soveel voël as die arend, maar 'n hoender is sy denominasionele broer, julle weet, hulle is net gereed om in een of ander geloofsbelydenis te vestig, bou sy nes reg buite op die plaaswerf iewers, waar elke rot kan inhardloop en dit uitmekaar skeur, sy kleintjies verstrooi, whisky, sigaret-rokende, kortbroek-draende vroue, korthaar, o, alles het hulle net uitmekaar gesny.

124 Maar 'n ware arend neem sy nes hoog op! Elke ou vuil ding van die wêreld kan reg daarin inkruip, maar 'n arend neem sy nes en plaas sy kleintjies wat so hoog gebore gaan word, tot daardie vuil asem nie eers op hom blaas nie. Sjoe! Julle weet ek voel—ek voel nou baie godsdienstig, *op een of ander manier*, ek voel net goed. Um-hum. Sjoe! Hmm!

125 Ja, bring hom baie hoog op. Ek hou hom dop, hoe hy daardie nes neem, eers, neem hy 'n paar baie groot stokke, en plaas hulle reg onder in die skeure soos *daardie*, bou dit rondom op sodat geen wind dit kan versteur nie. Dan gaan hy uit en kry doringranke, en draai dit om, om, en om, bring dit in. Daar is nie 'n argitek in die land wat 'n beter een kan bou nie. Dis reg. Hy weet hoe om dit te doen, *ver* bo-op 'n piek, geen diere of rotte kan daar opklim nie, so sy kleintjies is veilig.

126 'n Tyd gelede het 'n bekende evangelis gesê: "Ek gaan in 'n stad in..." Wel, dit was ons Broer Billy Graham, ek dink 'n magtige evangelis, hy het daar vir Louisville gesê, gepraat met die predikersontbyt daardie oggend, ek was daar saam met Mordecai Ham, wat 'n goeie broer van my was, een wat hom na die Here toe gelei het, vir Billy Graham na die Here toe gelei het. Mordecai en ek is bure daar, so ons is baie goeie vriende. En hy was...

127 Ons het saam aan die tafel gesit, en ou Billy het opgestaan, hy het gesê: "Hierdie Bybel is die standaard!" Hy het gesê: "Toe Paulus in 'n stad ingegaan het," gesê: "hy het een bekeerling gehad, hy het die volgende jaar teruggegaan en daardie bekeerling het dertig gemaak." Gesê: "Ek gaan in 'n stad in," gesê: "ek sal dertigduisend bekeerlinge kry, wanneer ek volgende jaar terugkom, of twee weke daarna, skaars 'n maand," gesê: "kan ek nie dertig kry nie."

128 Gesê: "Wat makeer?" Nou, hier is wat hy gesê het, hy het gesê: "Dis julle klomp lui predikers, wat daaragter met julle voete op die lessenaar sit en vir hulle 'n kaartjie stuur, in plaas van persoonlike kontak met hulle."

129 Ek bewonder sy—ek het sy bewonder...maar dit was nie dit nie. Ek het gedink: "Ek wil vir jou iets vra: 'Wie was daardie persoonlike een die...? Paulus het nie teruggegaan nie, hy het net daardie bekeerling gelos, dis al. Die ding is, Billy, jy neem hulle nie *ver* genoeg buite sig van al hierdie dinge nie.'"

130 Dis wat dit is. Kry daardie dertigduisend met die doop van die Heilige Gees, kom dan terug binne dertig dae, en vind uit hoe...?...Ja. Ja, meneer. Net 'n geloofsbelydenissie oor hulle gewuif, hulle neem hulle uit, en sê, wys vir hulle jou naam: "Hier, neem jou brief van 'n ander een af, en sit dit hier oorkant."

131 Dis nie dit nie, neem die sonde uit jou lewe uit en laat jou naam geskryf word op die Lam se Boek van die Lewe in Heerlikheid *daar*bo, en die doop van die Heilige Gees wat afkom,

dan sal jy vlieg soos 'n arend. Dis reg. Jy sal uitkom bo al hierdie ou stank van aanganery wat ons hier op die aarde het. Dis regtig die waarheid.

132 'n Tyd gelede was ek by 'n ou beesboer, ons is al 'n lang tyd vennote, ek kon hom nooit net na Christus toe lei nie, ons was *ver* bo in die berg. Hy het soort van 'n boggeltjie op sy rug gekry, en hy het 'n yslike groot ou bulgeweer op sy rug gedra, rondgeloop. Die—die lig het afgeskyn deur daardie bome waar skaars 'n mens geloop het, hy het meteens gestop, hy het omgekyk, hy het gesê: "Dit lyk soos 'n katedraal."

Ek het gesê: "Jeff, ek het Hom hierbinne gevoel vandat ek oor die heuwel gekom het."

133 Hy het sy arms om my gegooi, gesê: "Billy, ek wil Hom net hier in Sy katedraal vind." Dis reg. Hy het gedraai. . .Hy het nooit gerook, of enigiets nie, en hy het die outomobiel gehaat omdat hy 'n beesboer was, hy het gesê: "Jy ruik geen gas, of sigarette hierbo nie, nie waar nie, Billy?"

Ek het gesê: "Nee, dit is waar Hy woon, Jeff, dit is hoekom ek hiernatoe kom."

134 Kom hoog op! Dis, jy moet—moet dit doen in die geestelike atmosfeer, moenie hieronder bly soos 'n hoender nie, vlieg weg daarvanaf, kom weg.

135 Hoender, elke ou rot wat uit 'n skuur uitkom, sal hom vang, ja, meneer, as jy dit nie verder neem as net: "Sluit by die kerk aan, en kom elke Sondag, en ons sal 'n klein bunco speletjie hou, en ons sal kroket speel in die agterplaas."

Dis nie wat dit is nie, broer.

"Hou 'n sop-aandete en betaal ons pastoor. En almal van julle trek julle swembroeke aan, en gaan swem, brand in die son."

136 Julle het 'n sonbrand nodig. Ek het twee dogters, hulle mag dit een van hierdie dae probeer, en hulle gaan brand van 'n seun [Eng. "son"—Vert.] kry, maar nie die s-o-n [Eng. "sun"] nie, die s-e-u-n [Eng. "son"] van Mnr. Branham, ek met die vaatjieplank agter hulle, net so hard as wat ek hulle kan slaan. Dis wat hulle nodig het, is daardie soort sonbrand. Hmm! Ja, meneer. O, goeiste!

137 Wat ons vandag nodig het, is 'n goeie ou Paulus-herlewing, en die Bybel Heilige Gees weer terug in die kerk. Reg. Sy ambisies is hoog. Hoender bly onder op die grond, bou sy nes, en elke rot, slang, en elke aasvreter wat daar is, kom in, vreet die eiers voor hulle nog gebore word, selfs uitgebroei is. Dis reg.

138 Dis waarom Billy al sy bekeerlinge verloor. Dis presies reg. Elke rot in die land, elke ou sigaretroker, danser, al die res wat inkom, haal hulle uit. Laat hom eenmaal daardie nes 'n bietjie hoër bou daarbo, hulle net 'n bietjie hoër oplig. Kom uit buite hulle bereik!

139 Jesus het gesê: "As julle die wêreld liefhet, die dinge van die wêreld, is die liefde van God nie eens in julle nie." Johannes het dit gesê. Kry hulle uit die dinge van die wêreld uit. Kry hulle buite bereik daarvan. En 'n man wat Jesus Christus ooit gesmaak het, die wêreld is dood vir hom.

140 Ek het 'n klein Bybeltjie by die huis, een van my eerstes, en ek het dit nou die dag opgetel en daarin gekyk, ek het agterin gehad, mense het my aanhou vrae vra, hy het gesê: "Is dit verkeerd om te rook?" Dis toe ek in die Baptiste kerk was. Gesê: "Is dit verkeerd om te rook? Is dit verkeerd om te drink?" Ek het 'n gediggie daarin geskryf, en ek het gesê:

> Moenie vir my dwase vrae vra nie.
> Besluit dit net in jou gemoed,
> As jy die Here liefhet met jou hele hart,
> Sal jy nie rook, pruim, of enige witblits drink nie.

141 So, ek dink dit geld nog steeds. Dis reg. Hoe sou jy ooit uit 'n vullisdrom eet nadat jy eenmaal van God se tafel geëet het? Glad nie so-iets nie, so jy kan dit nie doen nie. Sekerlik.

142 Nou, die volgende ding wat Hy vergelyk het met die arend . . . O, het soveel dinge, maar ons het nie tyd om by hulle almal uit te kom nie. Maar die volgende ding is die arend hernu sy jeug. Julle weet die Psalms het gesê dat . . . Spreuke het dit gesê. "Soos 'n arend sy jeug hernu," sy jeug hernu, hy hernu sy jeug. 'n Ou arend, elke nou en dan, val al daardie vere uit, en hy hernu weer sy jeug, wel, dit word vergelyk met Sy Kerk.

143 Ek onthou die eerste keer wat ek ooit Pinkstermense gesien het. Dit was bo by 'n tabernakel, Broer Raugh, hierbo in Indiana. Ek . . . Michigan, dis waar, Dowagiac, naby aan Dowagiac. O, ek vergeet nou die naam van die plek. O, goeiste, dit was bo in Indiana, daar reg op die Michigan grens, en, Mishawaka, Indiana. Dis reg, Mishawaka.

144 En ek het daar ingegaan, en hulle het omtrent sestig predikers op die platvorm gehad daardie aand, en gesê: "Alle predikers kom op." So ek het daar opgegaan, en ek was 'n Baptis, en so, ek het gaan sit.

145 En so, het hulle party van daardie predikers gehoor, daardie jong kêrels daardie dag, wat almal gepreek het hoe Jesus was, en wat 'n wonderlike Verlosser Hy was, ensovoorts. En daardie aand vir die hoofboodskap, het hulle 'n ou, gekleurde man daar uitgebring, en die arme ou kêrel, moes hom omtrent uitlei. Hy het 'n yslike ou, blou, swaelstert, Prince Albert jas aangehad, met een van hierdie krae daaraan, ou predikerjas, julle weet. Hy het daar uitgekom, net 'n randjie wit hare, hier het hy uitgekom na die preekstoel toe soos *daardie*. En ek het gedink: "Wel, hoekom sit hulle nie party van hierdie jong teoloë daarbuite, om 'n boodskap te bring nie?"

146 Die ou kêrel het daar uitgekom, julle weet, en om die preekstoel gekom, soos *hierdie*, hy het gesê: "Ek wil my teks vanaand neem," gesê: "van daar uit Job." Ek dink dis 7—7:37, of so-iets. Gesê: "Waar was jy toe Ek die fondamente van die wêreld gelê het, waaraan is hulle vasgemaak, toe die môresterre saam gesing en die seuns van God uitgeroep het van vreugde?"

Ek het gedink: "Hoekom het hulle daardie ou man daarbuite gesit om te preek?"

147 En al daardie kêrels het gepreek wat Jesus hieronder gedoen het, hy het daar oorkant begin voor die Ewigheid begin het, Hom die heelpad oor die hemele gebring, en Hom met die horisontale reënboog laat afkom in die Tweede Koms.

148 Omtrent daardie tyd het die Heilige Gees hom getref, hy het geskree "*Whoopee!*" opgespring en begin ronddans soos *daardie*, daar was twee keer soveel plek as wat dit hier is, van die platvorm afgeloop, gesê: "Nie genoeg plek hierbo vir my om te preek nie," daar afgestap, julle weet, van daardie platvorm af.

Ek het gesê: "Man, dis wat ek wil hê! As dit 'n ou man so sal laat maak, wat sou dit aan 'n jong man doen. . .?. . . " Dis reg.

149 "Soos 'n arend sy jeug hernu." Ja, meneer. Die herlewing neem en skud al die ou snaakse gevoelens uit jou uit, vlieg uit in 'n atmosfeer daar oorkant. Sy erfenis vergelyk met 'n arend, want die arend hernu sy jeug.

150 Nou, laat hom skree. Jy hou die kerk dop, dit sal sit, baie droog, eerste ding waarvan jy weet, tref die Heilige Gees hulle, hulle. . . Wel, die ou mense is net op hulle voete, spring, en skree, en prys God, hernu weer hulle jeug, dis reg, doen enigiets wat 'n jong persoon kan doen, net spring, en uitroep, en gil, en skree; hy hernu sy jeug. Dis reg. Ek glo daarin, nie waar nie?

151 Daar was 'n boer daarbo in Indiana, een van hulle was 'n, hy was 'n goeie boer, sy skure was nie baie goed nie, o, krake in die skure, en alles. En daar was 'n ander boer daaronder, maar hy het baie geld gehad, so hy het die beste skuur gebou wat jy ooit kon sien. Hierdie is goed vir die predikers. So ek sê, hy het die mooiste skuur gebou wat jy ooit gesien het, hy het trekkers gehad en alles, maar daardie kêrel was te lui om te boer.

152 So elkeen van hulle. . . En die ander boer, die boer wat die slegte skuur gehad het, die klein sendingstasietjie iewers, hy het gehad 'n. . . hy was 'n regte boer, en daarmee, so hy het baie goeie lusern hooi gekweek, en alles daardie jaar, en dit gestoor.

153 En die volgende, daar in die skuur daardie jaar, albei skure, is daar 'n kalf gebore. En die volgende lente het die warm winde begin waai, hulle laat, die—die ryk boer daaronder het sy kalfie losgelaat, arme kêreltjie, so maer, hy het uitgesteier gekom, die winde het hom amper omgewaai, kon skaars aangaan. Hy het niks gehad om te eet nie, het ou onkruid daarbo gehad, julle

weet, ou, denominasionele onkruid. "Ons is *so-en-so*. Ons is die grootkoppe." Dit sal nooit 'n siel vetmaak nie, nee, nee.

154 Maar hierdie ander kalfie, hy het nie veel van 'n skuur gehad om in te bly nie, maar, broer, toe hulle hom losgelaat het, was hy vol vitamiene, en vet, goeiste, net so rond en vet as wat hy kon wees. Man, hy het net sy hakke opgeskop, en daardie wind begin tref, julle weet, dit het hom getref, en hy het net—hy het net gehad 'n, toe daardie rukwind hom getref het, het hy net 'n lekker tyd gehad, net rondgehardloop, sy hakke opgeskop.

155 Weet julle wat die arme, klein kalfie gedoen het? Sy arme, klein koppie deur die skrefie van die heining gedruk, gesê: "*Tsk, tsk*, *tsk*, *tsk*, *tsk!* Sulke fanatisme!"

156 Wat was die probleem? Hy was uitgehonger deur denominasionele onkruid. Wat ons nodig het, is 'n paar Heilige Gees vitamiene in die kerk, dit sal die jeug hernu, dit sal die jeug van die kerk hernu, dit weer terugbring na Pinkster, vir julle 'n ondervinding bring, amen, vet maak.

157 Ons sit te veel in, en dis wat fout is met ons Pinkstermense, ons sit te veel in ons geboue deesdae, en maak aanspraak dat Jesus kom. Ja, meneer. Wat ons behoort te doen, is om besig te wees, om iemand daar in te kry, siele te red, hulle God se vitamiene te voer deur die krag van God. Dis presies reg.

158 Nou, uiteindelik neem die ou arend die plek om. . .Ek. . . Verskeie dinge van hom, maar ek moet nou net by die hoogtepunt kom, my tyd raak min. So ons. . .Laat ons hom sy nes sien bou. Hy gaan kry, hulle gaan 'n nes vol kleintjies kry. Hy bou sy kerk, julle weet, ver bo-op die heuwel, en maak haar baie goed vas.

159 Nou, daardie nes is vol dorings. Wel, hy wil nie daardie ding hê nie, jy wil nie hê jou nuwe bekeerlinge moet al die dorings van die ding ken nie, jy weet, hoe jy moes veg om daar te kom nie. Maar weet julle wat doen die arend? Hy gaan uit en stop daardie nes op, julle moet dit net sien. Daardie ou moederarend sal uitgaan en konynvel kry, die konyn vreet, dan die vel neem, en dit opdruk in elke gaatjie soos *daardie*, dit net 'n klein, sagte plekkie maak, o, die mooiste, klein, snoesige nessie vir die kleintjies om in gebore te word.

160 Dis hoe God dit doen, julle weet. O, goeiste! Wanneer—wanneer jy die eerste keer gered word, voel jy nie goed, om op daardie klein, fyn dons te loop nie, julle weet, o, goeiste, daardie klein, sagte voetjies, julle weet, net goed. O, dis baie goed!

161 O, hoe pappa dan op-en-af loop op die nes, daardie kleintjies wat gebore is, na hulle kyk. Hmm! Goeiste! O, jy sien hom net pronk, daardie skouers agteroor gooi en pronk, terwyl hy na sy kleintjies kyk.

162 "Almal lyk net soos Ek." Dis reg. "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook. Kan jy die beker van vervolging drink, bespot word, Beëlsebub genoem word, soos Ek?"

"Ja."

"Kan jy gedoop word met die Gees waarmee Ek gedoop is?"

"Ja."

"Net soos Ek." Kyk na sy kleintjies, julle sien. O, hoe hy pronk!

163 Nou, wat as een van daardie kleintjies dalk 'n kraai was, opvlieg op die nes, en skree: "*Kaa*, *kaa*, *kaa*, *kaa*"? Huh! Dit sou 'n baster wees.

164 Dis wat die probleem vandag is, ons het te veel baster aasvoëls en kraaie in die nes, en nie regte arende wat glo nie, te veel bastergodsdiens, wat olie en water probeer meng, dit sal nie meng nie.

165 Weet julle wat sou gebeur? As daardie klein kraaitjie daar opgespring en geskree het: "*Kaa*, *kaa*, *kaa!* Dae van wonderwerke is verby, glad nie so-iets soos die doop van die Heilige Gees nie, al hierdie is fanatisme," sou Hy hom daar uitskop.

Wat sou dan met hom gebeur bo in daardie nes? Hy sou disintegreer, voor hy onder die hoenders sou inkom, hy sou beslis. Ja, meneer.

166 Nee, meneer. Pappa Arend, hulle lyk net soos Hy, hulle glo dieselfde ding wat Hy glo, hulle lyk soos Hy. Ja, meneer. Hulle is gemaak soos Hy, hulle is gebou soos Hy, en Hy weet hulle is regte arende. O, goeiste! Dis wat God wil hê, 'n regte Messiasie. Umhum.

167 Hy is Messias. *Messias* is "die Gesalfde." En ons is Sy kinders, wat 'n kleiner salwing het, so ons is, soos Jehova-Arend groot Arend is, en ons is arendjies, Hy's Messias, en ons met dieselfde salwing is Messiasies. Amen. Gesalfde, *Messias* beteken "die Gesalfde." Is julle gesalf? Amen. Waarmee? Dieselfde Gees waarmee Hy gesalf is. Ons het Dit ten dele, Hy het Dit ten volle. Hy was God gemanifesteer in die vlees, en ons is seuns van God, dele wat van Hom afgekom het, ja, meneer. "Die einste werke wat Ek doen, sal julle ook doen."

168 Ek mag 'n lepel water uit hierdie oseaan hierbuite neem, en jy sal dit nooit in die oseaan mis nie. Dis hoe ons gemis sou word as ons dalk sou uitval. Maar onthou, dieselfde chemikalieë wat in die hele oseaan is, is in daardie lepel, dieselfde water, dis net meer daarvan daarbuite, so dis wat dit is. Dis . . .

O, julle sê: "Wat is dit *daar*buite?"

"Oseaanwater."

"Wat is hierdie *hier*?"

“Oseaanwater.” Net presies.

169 Dis hoe Pappa Arend dink aan Sy kleintjies, hoe Hy rondpronk, Hy sal vir hulle skree, hulle sal terugskree, dis reg.

“EK IS Hy wat was!”

“Amen, Pappa!”

“EK IS Hy wat is!”

“Amen, Pappa!”

“EK IS Hy wat moet kom!”

“Amen, Pappa!”

“EK IS dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid!”

“Amen, Pappa!”

“EK IS steeds die Geneser!”

“Amen, Pappa!”

“Ek gee steeds die Heilige Gees!”

“Amen, Pappa!”

“EK IS dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid!”

“Amen, Pappa!” Amen.

170 Ou kraaitjie sê: “*Kaa, kaa, kaa!*”

171 “Jou klein aasvoël, waaroor skree jy? Kom uit die nes uit!” Klein aasvoël, jy kan in elk geval nie arendkos eet nie. Dis reg. O, goeiste!

172 Dan die eerste ding waarvan jy weet, vind hy uit dat hulle—hulle goeie, klein arendjies is, hy loop rond. En voor jy jou kom kry, Mamma is vasbeslote dat haar—dat haar arendjies nie soos ’n aardsgebonde hoender gaan wees nie, hulle gaan nie die heeltyd daarop loop nie, gaan hulle ’n paar beproewinge gee om te sien hoe hulle uitdraai. “Elke seun wat na God toe kom, moet getugtig, beproef word.”

En wanneer hulle terugtree, sê: “Nee, ek behoort. . . ”

173 O, wel, jy was van die begin af nie ’n seun gewees nie. As jy nie tug kan verduur nie, dan het die Bybel gesê jy word ’n onegte kind, en nie ’n seun van God nie. So dis hoe jy hulle uittrek.

174 “Soos ’n man wat uitgegaan het,” het Hy gesê: “die Koninkryk van God, ’n net in die see gegooi het, en toe hy dit uitgetrek het, het hy waterskilpaaie, krewe, akkedisse, en al die res gehad. Hulle uitgetrek op die oewer.” Dis die prediker se werk, ons weet nie wat is wat nie. Party van hulle is vis, party van hulle is akkedisse, party van hulle is slange, party van hulle krewe.

175 Hou die ou kreef dop wanneer hy daar is, iemand sê: “Glorie! Halleluja! Prys die Here!”

Sê: "*Klap*, *klap*, *klap*, *klap*, *klap*, *klap!* Ek kan dit nie glo nie," reguit terug water toe gaan hy.

176 Die ou slang steek net sy kop op, sê: "Ek het gedink ek was in die kerk, maar dis holy-rollers," en hier gaan hy.

Wat was hy? 'n Slang van die begin af, 'n kreef van die begin af.

177 'n Ou wyfiespinnekop, *plons-plons*, weer reguit terug na die modderpoel, weer reguit uit, met kortbroek aan, en haar hare sny. Ja. Reg. "Soos 'n vark na sy rolplek gaan, 'n hond na sy braaksel," daar het julle dit. Moenie kwaad word nie, sit net stil.

178 Toe ek 'n klein kindjie was, het ons bo in Kentucky gewoon, en ons het 'n swaar lewe gehad. Mamma het altyd ou mielieskoekies geneem, ek weet nie of julle weet wat dit is of nie, swart-oog ertjies en raapgroente, en wanneer sy daardie ou mielieskoekies sou neem, ons het nie enige vet gehad nie, sy sou vleisvelle uitbraai, en dan sou sy dit maak, die vet, die vetsmeer vir hierdie mieliebrood uit daardie vleisvelle.

179 En julle weet, dit was soort van 'n harde lewe. So, elke Saterdagaand moes ons almal 'n groot bad neem, en ons het 'n groot ou sederbad gehad, en dan gooi hulle water daarin en word warm, daar was omtrent nege van ons, en so sou almal van hulle moes bad, jy het nooit die water verander nie, voeg net nog meer warm water by, ek was die laaste een wat my eie moes neem, man, ek het beslis gebad.

180 Maar, en dan, die ding daarvan was daarna, om gereed te maak vir skool Sondag, nou, hierdie was Saterdagaand, en op Sondag sou ons almal 'n goeie rondte kasterolie neem as gevolg van die manier wat ons moes eet. Ek het so siek geword daarvan, ek sou my neus toedruk, net staar, ek het gesê: "Mamma, ek kan nie eers die goed verduur nie." Ek kan nóú nog nie.

Sy het gesê: "Skat, as dit jou nie siek maak nie, help dit jou glad nie."

181 Dis hoe hierdie Evangelie is, as dit nie jou geestelike gastronomie ontstel, jou baie siek maak nie, sal jy nie begin grawe en uitvind of dit reg is of nie. Reg. Ja. O, ja. Dis—dis goed vir jou, dit sal jou ontstel, en jou regmaak, jou gereed maak vir die—die Wegraping wanneer dit kom. Dis reg. Ja.

182 So hierdie moeder het besluit sy wil nie hê haar arendjies moet net denominasionele hoenders word nie. My goedheid, nee! Sy het dit besluit, so sy moet hulle uit daardie nes uitkry. Wanneer alles reg werk, moet sy hulle 'n toets gee. So weet julle wat doen sy? Sy gaan reguit daarin, en neem haar groot snawel, sy en pappa, en gooi elke stukkie van daardie—van daardie opstopsel daar uit, dan raak dit rof, o, goeiste, soos dit het na Pinkster. Vervolgings het gekom, en al die res, julle weet. Elke keer wat die arendjie begin sit, sou hy spring, hy was op 'n doring.

Het julle al ooit daardie ondervinding gehad? Oral waar jy gaan, dorings.

183 Ek wil nie aanpas by die wêreld nie, jy wil nie aanpas, nee, nee, en loop op sagte goed nie. O, goeiste! Kom ons kies die pad saam met die Here se paar veragtes. Dis reg.

184 Arendjie het soort van. . . Sy—sy het dit opsetlik gedoen, sodat hy nie so aangepas sou wees by daardie nes nie, hy's 'n arend, hy's nie 'n hoender nie. Sy wil hom daarbuite kry sodat hy sy eie kan vertrou. So hy, naderhand, kan hy net nie gaan sit nie, hy het net 'n vreeslike tyd. En moeder besluit dan dat sy hom wil maak 'n. . . weet hy's 'n arend, sy kyk na hom, en sy vind uit: "Ja, hy's 'n arend." So, hy's nou gereed om die nes te verlaat, hy's ontevrede met hierdie ou dinge van die wêreld.

185 So, eerste ding waarvan jy weet, het sy gesê: "Nou, as hy 'n arend is, as hy die heeltyd so bly, sal hy 'n hoender word. So ek moet hom hier uitkry, en hom 'n bietjie ondervinding gee." So sy kom af oor die nes, sy sprei haar yslike groot vlerke uit. O, julle moet dit sien! Goeiste, party van daardie arende span veertien voet van punt tot punt. Sy sal daardie groot vlerke uitsprei soos *hierdie*, en skree: "*Kaa! Whaa!*" daardie groot kreet, soos daardie, sy sal daardie groot vlerke waai.

186 Daardie arendjies wat agteroor lê soos *hierdie*, daardie wind wat inblaas soos daardie. Goeiste, wanneer sy daardie groot vlerke geklap het soos daardie, nou, sy moet al die los vere uit hulle uitkry, want as jy dit nie doen nie, sal hulle sterf wanneer hulle daarbo kom, hulle sal—hulle sal, daardie vere sal daar uitkom, wel dan, dis in 'n slegte toestand.

187 En dis wat fout is met die kerk vandag, dit het 'n goeie nesopwek nodig, om van die los vere daaruit te kry, uit hierdie vlerke uit, ja. Liggeraak wees, en wrokke, en sulke goed, jy sal sterf in die vlug.

188 Hoe kan God ooit 'n kerk hê met tekens, en wonders, en wonderwerke, wanneer julle met mekaar baklei: "Ek's *dit*, ek's *dat*," en wrokke, en alles. Waai uit totdat die Heilige Gees afkom soos 'n rukwind, al die verskille uitwaai, en denominasionalisme, al daardie ou, los veertjies: "Ek's *dit*, en ek's *dat*," jy's niks wat jy behoort te wees, wat die Skrif gesê het nie.

189 Waai al die los vere uit, o, goeiste, kry hulle almal stewig vas, want sy gaan hulle binnekort op 'n regte rit neem, 'n solo. O, goeiste, daardie solovlug, die eerste een! Dan waai sy—sy al die vere uit, en die nes kook net so, die los vere wat vlieg, oral. Laat al die vere uitvlieg, sodat hulle goeie stewiges daar kan inkry, en sy ondersoek hulle en kyk of hulle gereed is.

190 Dis wat God nou met Sy kerk probeer doen, kan haar net nie gereed kry nie, daardie vere bly net loskom. Julle het meer geestelike Vitamiene nodig om dit vas te trek, 'n paar arend Vitamiene, dis die Woord. Daardie vere vas te trek.

191 Dan die eerste ding wanneer sy dit alles uitkry, dan moet sy hulle kry om haar te glo, so sy sprei haar yslike groot vlerke uit, en skree so hard as wat sy kan, sy waai hulle soos *daardie*, daardie magtige rukwind, julle weet, wat afkom. O, goeiste!

192 En die klein arendjies val net agtertoe. Hulle kyk nie uit, sê: “Kom ons kyk wat Dr. Jones daarvan gesê het,” nie. Nee, nee, hulle kyk op. O, en hulle sien daardie yslike groot vlerke. Sien, wat probeer dit doen? Sy probeer om daardie klein arendjies te laat besef hoe groot sy is, die krag, hulle moet op daardie groot vlerke vertrou.

193 Dis hoe God maak, Hy waai al die vere uit jou uit, dan het Hy twee vlerke, God het, weet julle dit? Jehova-Arend. Dis die Nuwe en Ou Testament. Hy waai hulle voor julle. O, goeiste! “Ek is die God van Moses. Ek is die God van Abraham. Ek is die God wat vir Lásarus opgewek het uit die graf. Ek is Hy wat dood was en weer lewe, vir ewig lewe.”

194 Die Nuwe en Ou Testament, wat heen-en-weer waai, die arendjies wat daaragter lê, sê: “Hoe groot is U, hoe groot is U!”

“Vertrou My.”

195 Wat help dit om ’n kanarievoël vitamiene vir sy vlerke te gee, en goeie bene, en vlerke te maak, hom dan in ’n hok aan te hou? Wat help dit om predikers van teologie, en geskiedenis, en al die res op te lei, en hulle dan te vertel die dae van wonderwerke is verby, en hulle op te hok in een of ander denominasie? *Phhh!* Onsin! Laat hom los en laat hom vlieg, as hy ’n arend is. Amen. Reg. Sê vir hom die dae van wonderwerke is alles verby, dis nie ’n arend nie, dis ’n aasvoël, ja, meneer, wat dooie goed vreet.

196 Nou, let op wat gebeur het, dan wanneer moeder hulle kry om daardie arendjies daarbuite te sien lê, en sê: “Hoe groot is U, hoe groot!”

197 Het julle al ooit in die aand uitgegaan en gekyk? Ek was hierbuite by Berg Palomar, dink ek was dit. [Leë kol op band—Red.]. . .reg rondom Beaumont. Sal dit steeds nie afgebreek hê in myle nie, en verby dit. En wat het Hy gedoen? Net: “*Whew!*” hulle van Sy hande afgeblaas. “Hoe groot is U, hoe groot is U!”

198 Kyk na die God van Moses, Wat die Skelfsee oopgemaak het, die Hebreeuse kinders in die vuuroond ingeneem het, Daniël uit die leeukuil, Lásarus uit die graf: “*Ek* het mag,” God het Hom opgerig, dis waar, maar Hy het gesê: “*Ek* het mag om My lewe neer te lê, *Ek* het mag om dit weer op te neem.” Amen. Hoe groot is U! “Vertrou My, EK IS dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.”

199 Daardie groot vlerke, vind uit dat Jesus van die Nuwe Testament Jehova van die Oue is. Daardie groot vlerke wat op-en-af waai, daardie magtige rukwind, wat dit invoer. O, hoe ek

daarvan hou om in daardie winde te lê! "Hoe groot is U, hoe groot is U!" Die nes opwek, ja, meneer, gereedmaak.

200 Dan eendag besluit sy, dis 'n mooi, blou dag, so sy besluit om haar klein arendjies op hulle eerste vlug te neem. Hulle het klaar hulle Bybel deurgelees, en hulle het gesien hoe groot sy is, sy's net dieselfde as wat sy ooit was, haar groot vlerke, haar groot vere, sy is toegerus om vir haar kleintjies te sorg. So sy sprei haar vlerke uit, lê haarself agteroor soos *daardie*, sê: "Spring op, kinders."

201 O, ek's so bly julle hoef nie op 'n geloofsbelydenis te spring nie, spring julle op die kruis. Amen. Wanneer ek Hom sien uitsprei: "Niks in my arms bring ek nie, ek vertrou U, Here, ek weet nie hoe ek dit gaan doen nie."

202 Toe hulle my uit die Baptiste kerk uitgesit het: "Ek weet nie wat ek gaan doen nie, ek weet nie, Here, maar ek gaan vashou aan God se onveranderlike hand. Ek weet nie hoe dit dit gaan maak nie, maar, God, U het my verordineer, vir my gesê om vir die siekes te gaan bid. Hulle sê vir my hulle sal my in die inrigting vir kranksinniges hê binne 'n paar weke, maar hoe groot is U, hoe groot is U!"

"Waarheen gaan jy?"

"Ek weet nie, net waar Hy my ook al lei."

Die broer wat my in die kerk georden het, het gesê: "Weet jy as wat jy sal eindig?"

Ek het gesê: "Eendag in die Heerlikheid, maar ek hou vas aan die kruis, hou vas aan God."

203 Moederarend sê: "Spring nou op." En julle moet daardie kleintjies sien, hoe hulle vashou. Hulle neem hulle klein pootjies, en hulle vind vir hulle 'n goeie handvol vere soos *daardie*, hulle gryp vas en vat hulle snaweltjie, gaan af, kry 'n ander veer beet, sê: "Goed, Mamma, ek's gereed." Hmm!

Sy verlaat daardie nes, sy's ver bo in die lug, in elk geval, sien, want hulle is nie aasvoëls nou nie, hulle is arende, hulle is daarbo gebore.

204 Moenie *hier*onder gebore word nie, word *Daar*bo gebore. Jy *hier*onder gebore word, is jy 'n denominasionele broer, dis als reg, jy's ook 'n voël. Maar as jy *Hier*bo gebore word, broer, word jy gebore in die Gees van God, halleluja, nie gebore vir een of ander geloofsbelydenis nie, jy's ver *hier*bo in die lug.

Die ou moeder gee 'n sprongetjie soos daardie, en sy stel daardie groot vlerke, wanneer die wind net reg kom, beweeg sy *ver* op, verder op.

Arendjie, ek kan hom oorkant toe hoor kyk, sê: "Broer Jones, wat dink jy daarvan? O, is dit nie wonderlik nie?"

"Hmm! Pas my net reg. En vir jou?"

"Ja, meneer. Um-hum."

205 Hou net vas, o, goeiste, aan, aan, aan, aan, aan, tot sy heeltemal buite sig is met daardie kleintjies. Wel, as daardie aasvoëls was, sou hulle lankal afgeval het, hulle kraaie of selfs valke was, hulle moet arende wees of hulle kan dit nie verduur nie. Hulle word getoets voor hulle op 'n vlug geneem word, dis waarom ons nie soveel vlugte kry nie. Sjoe! Hmm! Ek moes dit miskien nie gesê het nie. Maar het dit klaar gesê, so . . .

206 In elk geval, o, wanneer hulle daar ver bo kom, weet julle wat doen sy wanneer sy daarbo kom? Kyk sy oorkant toe, en sê: "Julle het baie goed gedoen, kinders, ek sal julle weer reguit terugneem na julle nes toe"?

207 Nee, meneer, sy gooi hulle, elkeen, af. Hulle is arende, hulle kan vlieg, as hulle arende is, *kan* hulle vlieg. Amen. Hulle is arende. Hulle kan vlieg as hulle arende is. Sy gooi hulle af, en vlieg weg van hulle af, los hulle net alleen. Daar is hulle bo in die lug, broer, wat net tuimel, klap, tuimel, klap, tuimel, klap, fladder.

"Klap harder, kinders. Hou net aan om julle vlerkies te klap, julle is arende."

208 Hulle hou 'n Pinksterherlewing, draai net om en om, het net 'n wonderlike tyd bo in die blou lug, amen, ver weg van daardie denominasionele hoenders, ver daarbo in die blou lug, halleluja, ver bo in die blou lug, net aan die rondfladder besig om 'n lekker tyd te hê.

209 Nou, weet julle hoekom het hulle so 'n wonderlike tyd? Hulle kyk nie af na die aarde nie. Man, dit voel goed. Man, hulle is daarbo waar hulle hoort. Enige wedergebore Christen hou daarvan om in daardie sfere daarbo te beland. En weet julle hoekom? Die moeder, sy vlieg eenkant toe, sy hou daardie groot vlerke en hou hulle dop.

210 O, hulle het—hulle het volmaakte vertroue in hulle moeder. Ek het ook. Sien? O, die Een wat my hiernatoe gebring het, Hy sal vir my sorg. Die Een wat die belofte gemaak het, Hy is in staat om Sy belofte te hou. En die moeder, haar vermoë om hulle weer te vang!

211 As een dalk buite orde raak, julle weet, sê hulle: "Dis te veel wilde vuur." Ek sal liewer 'n bietjie wilde vuur hê as hoegenaamd niks nie. Ten minste het jy genoeg plek om jou vlerke te klap. So as een van hulle onderstebo draai, is hulle nie bekommerd daaroor nie, mamma hou hom dop, sy sien hy gaan nie daaruit kom nie, swiep sy net af, tel hom op op haar vlerke, en dra hom weer op na genade toe. Dis goeie Calvinistiese doktrine, maar, broer, dis goed. Reg, dit bring hulle weer reguit op na genade toe, dra hom op.

212 Kry hom op haar vlerke van die Woord, sê: "Hier, Skat, jy's nou van die Woord af, jy gaan af na die verkeerde kant toe. Kom terug en probeer haar nou weer."

213 Neem die Woord van God en bring hom weer reguit op na genade toe. Amen. O, hulle het vertroue. Hulle glo, broer, hulle het ’n lekker tyd, klap net, en skree, en gil, en gaan aan, hou net ’n behoorlike Pinksterherlewing.

214 Nou, daardie hoenders daaronder weet nie een ding daarvan nie, kyk daar op, en sê: “Waaroor gaan dit alles? Ek het nog nooit van so-iets gehoor nie.” Gaan aan, bly op die grond as julle wil. Ja.

215 Julle weet, daar is eenkeer gesê dat ’n boer ’n hen eiers sou laat uitbroei. Laat ons sien, wat is ’n broeisel? Vyftien? Ek dink so. Vyftien is ’n hen broeisel. Ek hoor ’n goeie ou moeder daarbuite sê: “Ja.” Ek onthou Ma het altyd potloodmerke oral daaroor gemaak, sodat sy kon sê of daar ’n vars eier daarbinne is of nie, julle weet. Ons moes dit dophou. Sien? Vars eier het iets beteken. So sy sou die hen vyftien laat lê.

216 En die boer het net veertien eiers gehad. So hy het teen ’n krans opgeklim en ’n arend se eier gekry, dit afgebring, dit onder die hen gesit. Toe dit uitgebroei is, was daar veertien hoenders en een arend. Dis omtrent die gemiddelde, een uit ’n broeisel. Dis reg. Dis omtrent hoe hulle loop, omtrent een in ’n broeisel.

217 So, toe hierdie arendjie gebore is, kon julle julle voorstel wat ’n snaakse eend hy was in daardie denominasie daaronder. Wel, hy het nie verstaan wat die ou hen rondgegaan—gegaan het, sê: “*Kloek*, *kloek*, *kloek*, *kloek*, *kloek!* Nou, julle sien die dae van wonderwerke is verby. *Kloek*, *kloek*, *kloek*, *kloek!*” nie.

Hy het gesê: “Wat makeer?”

218 Sy het daar uitgegaan en rondgeskrop, julle weet, op daardie plaaswerf, “Ek gaan vanaand ’n sop-aandete hê, almal van julle wat bywoon,” julle weet, alles soos daardie.

219 Wel, hy het nie geweet nie, hy het nie van daardie soort kos gehou nie, dit het hom naar gemaak. Almal van hulle het hom gespot. O, ons het almal daardie ondervinding gehad, het ons nie? Ons gespot. Ek stel my voor die klein, wyfie arendjies, daar was *iets anders* omtrent haar, sy het ook nie kort, geknipte vlerke gehad nie, sy het lang vlerke gehad, want sy was. . .?. . .

220 Hmm! Ek wil julle nie seermaak nie, ek het julle te lief. Maar, broer, partykeer vryf jy die hare nou en dan agtertoe om jou te help.

221 So, hy het rondgeloop, julle weet, in sy klein vlerkies, gesê: “Wel, waarom—waarom lyk ek nie soos die res van hulle nie? Waarom is dit dat ek nie sulke goed soos daardie doen nie? Waarom is dit?”

222 Wel, jy’s net ’n ander skepsel, dis al. Sien? Jy—jy was. . .Ons was bestem voor die grondlegging van die wêreld om arende te wees, nie ’n aasvoël, of ’n hoender nie. Sien?

223 Deur daar te loop, julle weet, kry die die ou hen, daarbuite op die mishoop, sal sy aan die ou, dooie goed van die wêreld begin krap, sê: "Nou, ons gaan 'n hoepelresies onder op die strand hê, waar hulle almal gaan swem."

"My, goeiste! Hmm!" Kon dit nie uithou nie.

"Ons gaan 'n bunco speletjie in die kelder hou."

"Hmm?" Daardie klein . . .

224 Bingo, dis wat dit is, bingo. Ek net, ek ken nie daardie soort name nie. Goed. Wat is bunco? Is dit? Ek, miskien was ek verkeerd. Bingo, sien, wat dit ook al is. In elk geval: "Ons gaan dit hou."

225 Daardie arendjie kon dit nie verstaan nie, dit was nie die ding wat hy gevreet het nie, dit het hom net nie reg gepas nie. Het jy so gevoel toe jy daarbuite was? Man, ek het. My goedheid! Die goed het gestink vir my. Noem julleself Christene? Die pastoor moet die kerk vyftien minute vroeg verdaag om te rook voor hy terugkom op die preekstoel; het nie reg geklink vir my nie. Al die diakens het daar rondgeloop, en—en ek het geweet hulle gaan uit met vroue in die kerk, en sulke goed, dit het nie vir my soos Christene geklink nie. Sien? Het net nie reg gepas nie.

226 So hy het rondgeloop. Hy moes die heeltyd aan die agterkant wees. Hulle sal jou nooit in niks sit nie, moenie daaroor bekommerd wees nie. So nooit . . . Hulle moet daar buite kom waar hulle soos hoenders lyk, julle weet. So voor jy jou kom kry, rondgeloop deur alles. Hy—hy was regtig 'n—hy was 'n—hy was 'n snaakse kêrel. En enige wedergebore Christen in 'n gemors soos daardie, enige arend in 'n plek soos daardie is 'n snaakse kêrel. Dis reg. So hy het nie geweet wat om te doen nie, die kêreltjie het nie van beter geweet nie. Miskien het ons nie. Het nie van beter geweet nie.

227 En eendag, weet julle wat? Mamma het geweet sy het twee eiers gelê, vroeë reën, en laat reën. Wat het van een van hulle geword? So sy het begin soek na hom. Hier het sy aangekom, hierdie vlerke geklap, sy het rondgekyk met daardie groot, deurdringende oë, sy kon oral kyk. Sy het oor die plaaswerf gevlieg, toe sy het, het sy gesê: "Seuntjie!" Dit het nie geklink soos: "*Kloek*, *kloek*, *kloek*," nie. Nee.

Hy het sy koppie gedraai en opgekyk, gesê: "Dit klink eg. Waar het dit vandaan gekom?" O, goeiste!

228 Onthou julle die eerste keer wat God ooit met julle gepraat het? O, glorie! Gaan my, in elk geval, holy-roller noem, so julle kan net sowel nou begin. O, goeiste! Toe ek die eerste keer Sy Stem gehoor het, het Dit gespreek soos baie waters. O, goeiste! Langs die *rivier*stroom, of, 'n kabbelende stroom, sodat hy kan gaan lê, baai, opkyk. Goeiste!

Hy het opgekyk, en gesê: "Wat was dit?"

Sy het weer oorgekom, sy het gesê: "Skat, jy's myne! Jy behoort in elk geval nie in daardie plek nie."

229 "Kom onder hulle uit, sonder julle af, sê die Here: moenie aan hulle onrein goed raak nie, en Ek sal God vir julle wees. Ek sal God vir julle wees, julle sal seun en dogter vir My wees." Sien?

"Jy behoort nie aan haar, daardie ou organisasie wat sê die dae van wonderwerke is verby nie. Jy's myne, jy's arend." Sien?

"O, dit klink goed," het hy gesê. "Ek verstaan daardie soort taal."

230 Ja, meneer. Hoekom? Hy was 'n arend van die begin af. Hy was eintlik arend, het net in die verkeerde nes beland, dit was al. Ek hoop nie ek maak julle broers seer nie, maar ek—ek vertel julle net die waarheid. Dis reg. Baie van hulle is vandag in die verkeerde nes.

"O," gesê: "in die verkeerde nes, huh, Mamma? Is dit wat gebeur het?"

"Ja."

"Is jy my Mamma?"

"Ja, ek's jou beide vader, en moeder, suster, broer. Ek's net alles vir jou."

"Dit klink goed, Mamma. Nou, Mamma, wat moet ek doen?"

231 Gesê: "Ek sê jou, Skat, wat jy moet doen, jy moet spring. Jy moet spring, jou voete van die grond af kry, en dan net daardie vlerkies van jou klap, hulle net klap so hard as wat jy kan. Jy kan opstyg, want jy's 'n arend. Sien, jy het lang vere. Vlieg! Spring net van die grond af, en begin jou vlerke baie hard klap, ek sal jou kry."

232 En hy het opgespring, hierdie arendjie wat uit daardie denominasies uitgekom het, en 'n yslike groot klap vier of vyf keer gegee, en net op 'n plaaswerfpaal geland, reg in die middel van 'n Pinksterdenominasie.

233 Jy kan nie Pinkster organiseer nie, jy kan dit nie denomineer nie, Pinkster is 'n ondervinding, nie 'n organisasie nie, dis vir julle Metodiste, julle Baptiste, julle Presbiteriane. Hulle probeer heinings daarom trek, maar dis nie so nie, arende sal reg daar bo-oor vlieg. Sekerlik, hulle doen dit, moenie enige aandag daaraan gee nie.

Moeder het hier verbygekom, hy het gesê, gesê: "Mamma, doen ek nie goed nie? Kyk waar is ek nou, Mamma!"

Sy het gesê: "Seuntjie, jy sal hoër as dit moet spring, of ek kan jou nie eers kry nie."

234 Daar het sy weer afgeswiep. Hy het sy voetjies in die lug opgegooi en sy vlerke begin klap so hard as wat hy kon, en voor jy jou kom kry, het hy homself voel lig, op, op, op, totdat hy die

Melkwitweg getref het. Amen. Toe kon hy self vlieg, toe hy hoog genoeg gekom het, kon hy self vlieg.

235 Broer, dis wat die probleem is met die kerk vandag, dit het nog nooit hoog genoeg opgestyg nie, net om uit 'n organisasie of *so-iets* uit te kom, om uit te vind of dit kan vlieg of nie. Ja, meneer. Hoe weet jy jy kan nie vlieg nie? Gebruik jou vlerke. Halleluja! Spring daarin, gaan klap jou vlerke en vind uit. Jehova sal jou vang. "Ek sal hom oplig op arendsvlerke." Amen. O! Sjoe! Goeiste! Goeiste!

> Ek vind baie mense wat nie kan verstaan
> Waarom ons so bly en vry is nie;
> Ek's gevul met die Gees, daar's geen twyfel nie,
> En dit is wat fout is met my.

Ja, meneer. O, goeiste!

> Die Jordaan oorgesteek na lieflike Kanaänsland,
> Dit is soos Hemel vir my.

236 Is dit reg, broer, suster? Is julle nie bly julle is 'n arend vandag nie? Jehova-Arend met ons, God, Jehova-Arend, Hy's met ons. Ek het Hom lief, en julle? Kom ons buig ons hoofde. Hy het net toe iets vir my gesê.

237 Hoeveel hierbinne wil graag wegvlieg van die ou aasvoël se nes af, uitgaan in Christus in, en vry lewe in die Gees? Steek julle hande op, en sê: "Bid vir my, Broer Branham." O, kyk net na die hande! "Salig is hulle wat honger en dors." Hierdie mag 'n baie kru boodskap gewees het, kerk. Dis kru omdat ek geen geleerdheid het nie, ek's nie 'n—'n teoloog nie. Net 'n kru maniertjie van hoe ek die natuur dopgehou het, en geweet het God het die natuur verordineer. So, Hy—Hy's God, Hy—Hy's—Hy's steeds hier, Hy—Hy weet alles.

238 Wees net in 'n, stil vir 'n oomblik. Ek—ek wil sien wat Hy wil hê ek moet doen. Wees net in gebed: "Here, wees my genadig. Ek het my hand opgesteek, neem my hand, en lig my op bo die skaduwee net nou."

239 Hmm! "Hoe groot is U, hoe groot is U!" Is Hy nie wonderlik nie? Baai nou net, die boodskap sny en kneus, baai net in Sy soetheid.

> Soetste Naam op sterflike tong,
> Soetste lied nog ooit gesing,
> O Jesus, dierb're Jesus.

240 Bid nou net, saggies in jou hart. Laat die Heilige Gees reg in jou siel insink. Sê: "Here, neem my soos ek is." Sien, daar's niks wat ek nou kan doen nie, Hy moet die res daarvan doen, sien. Bid net, sê: "Vader," bid net saggies in jou hart, soos jy wil bid, julle wat julle hand opgesteek het, sê: "ontvang my nou, Here Jesus.

Ek wil ’n arend wees, ek wil wegvlieg in die heerlikheid van God, in Sy krag wees.”

Ja:

> Daar is ’n Fontein,
> Getrek uit Emmanuel se are,
> Waar sondaars gedompel onder die vloed,
> Al hulle skuldvlekke verloor.

241 Bid nou net. Hmm! Hoe wonderlik! Hou julle nie net daarvan om daardie baaigevoel te voel nie? Hierdie is waarvan ek praat. Ek staan net hier, my tone opgetrek, en my hande styf getrek, Gees van God wat in die gebou beweeg.

242 Ek laat Dit diep insink, sodat mense net kan dink vir ’n oomblik. Dink hierdie gedagtes: “Wie is ek? Weet ek ek sal deur hierdie dag lewe? Waarheen sal ek gaan as God my lewe neem? Ek ken nou God se waarheid.” Amen. Dink net.

243 Die soetste gesig! Hou jou oë toe, ek hou net iets dop in die gebou, sien die heiligheid, God wat nou Sy nes maak reg onder in jou hart, wat nou die Woord inbring, daar plaas: “Jesus Christus dieselfde gister en tot in ewigheid,” wat dit in jou hart laat nesmaak. “Ek is Hy wat was, wat is, en sal kom,” dit in jou hart te laat nesmaak, sien.

Hoe soet is U! Het julle Hom lief?

> Dan in ’n meer edel, soeter lied,
> Sal ek sing U . . . te red,
> Wanneer hierdie arme slepende, hakkelende tong
> Stil lê in die graf.

244 Nou, julle wat Hom voel, en voel dat Hy nesgemaak en ’n paar Woorde geplaas het, en iets in jou hart wat jy weet jy hier kan uitgaan as ’n beter persoon, voel dat jy nou arendvitamiene in jou hart het wat jou ’n arend sal maak, glip baie versigtig jou hand op na Hom toe, dis reg, sê jy: “Ek glo, Here, U sal my ’n arend maak deur U genade, ek’s nie waardig nie, maar ek is U arend van nou af.” God seën julle. “Ek kan vlieg, ek gee nie om wat nie, solank ek na U groot Woord hier kyk, en sê: ‘U is dieselfde, ek glo U is dieselfde, ek glo U met my hele hart.’”

245 Daardie soet gevoel! Ek het pas opgelet, wat net, reguit na my toe kom, kom daardie Engel van die Here, daardie Lig. Ek weet Dit was hier iewers, Dis nou naby die platvorm. Ek neem elke siel hierbinne onder my beheer, in die Naam van Jesus Christus, tot die eer van God. Ek wil hê julle moet nou geloof hê om te glo. Moenie twyfel nie, hê geloof. Nou lig julle kop baie stadig op, kyk nou hiernatoe.

246 Jehova-Arend, Sy groot krag! ’n Arendjie is Sy nageslag. Is dit reg? Die dinge wat ’n vader arend doen, sy klein, arendseuntjie doen dieselfde. Is dit reg? As Jehova-Arend, dan

Sy seun-arend (Sien wat ek bedoel?), Sy dogter-arend, hulle is almal dieselfde. Is dit nie reg nie?

247 Ek reken daar was ten minste veertig, vyftig hande, of meer, wat opgegaan het net 'n paar minute gelede, vir verlossing. Voor ek hulle vra om te staan, Gees van die Here kom nou in die gebou in. Ek het Dit reg agter *hier*binne iewers dopgehou, in *daardie* seksie daar, Dit het beweeg, in *daardie* rigting bly beweeg, en toe het Dit opbeweeg, oor die platvorm gegaan, afgegaan en in *daardie* rigting gegaan, en toe het ek Dit sien verdwyn *hier* agterin, en dan weer reguit opkom na *hierdie* kant toe, het reg rondom oor die gebou gegaan.

248 Nou, moenie vir my sê ek weet nie waarvan ek praat nie, ek weet, ek weet waarvan ek praat. Dis hier. Ek glo wat Hy daarmee bedoel het, dat Hy regdeur die hele gehoor gegaan het. Dis reg. Hy—Hy het jou lief, Hy—Hy wil jou hê, Hy wil hê jy moet Hom dien. Hy—Hy . . . Jy is Syne, Hy is joune, Hy is jou Here, jou Verlosser. Nou, daar's net een ding wat jy kan doen, en dis glo, dis al, dis die enigste ding wat jy kan doen, jy glo, en dan bevestig God jou geloof deur vir jou die Heilige Gees te gee.

249 Abraham het God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken, maar God het hom die seël van besnydenis gegee om sy geloof te bevestig. Solank jy nie die Heilige Gees ontvang het nie, jy mag geloof hê, dis reg, maar God het dit nog nie bevestig nie. En wanneer jy verseël is, is jy verseël tot die dag van jou verlossing, Efésiërs 4:30: "Bedroef nie die Heilige Gees van God nie, waardeur julle verseël is tot die dag van julle verlossing." Is dit nie wonderlik nie? Ja. Nou, Hy red nie net . . . Hy genees nie net nie, maar Hy red.

250 Ek hou daardie Gees dop soos Dit beweeg. Nou, jy moet in 'n sekere toestand wees, sekerlik, almal van ons is nie so gemaak nie, dis presies reg. Dit was so in die Bybel, dit was beslis, sien, altyd. Maar ek het Hom dopgehou. Nou is Dit weer terug, ek kyk nou reguit Daarna, *daar* is Dit weer.

251 Net, sê jy die regte woord, sê net die regte ding, dis wat jy sê. Hoeveel het die boek gelees, of, ek reken dis in bandopname, waar hierdie nuwe bediening, net, daardie vrou net die regte ding gesê het? Ek het gesê: "Vra nou enigiets wat jy wil, en kyk of God dit sal doen. Hy sal dit sommer nou vir jou gee. Ek gee nie om . . . "

Gesê: "Wat moet ek vra, Broer Branham?"

252 Ek het gesê: "Enigiets wat jy wil hê." Ek het gesê: "Hier sit 'n kreupel suster; jou vader en moeder is arm; jy het nie enige geld nie; jy's 'n weduwee. Wat wil jy hê?"

Sy het gesê: "Enigiets?"

253 Ek het gesê: "Vind uit of dit reg is of nie." Dis die nuwe bediening wat net opbeweeg, ek het hier gestaan vir vyftien,

twintig minute en Daarvoor gewag. Sien? Sê net wat jy wil, sien, Hy moet my eers sê.

Ek het gesê: "Suster Hattie, sê net wat jy wil."

Sy het gesê: "Die grootste begeerte van my hart is my twee tienerseuns, daar, dat hulle gered mag word."

Ek het gesê: "Ek gee hulle vir jou, in die Naam van Jesus Christus." Hulle het oor haar skoot geval, net daar. Sien? O, *sulke* goed het gebeur!

"As julle kan glo!"

254 Hierdie dame wat net hier sit, net hierbuite, wat bid, sy het 'n senuwee-ineenstorting gehad, geen hoop vir haar, dink hulle nie. Sy's van Mississippi. Reg. Dat jy mag weet, jou vader is ook siek, is hy nie? Hy's 'n prediker, is hy nie? As dit reg is, steek jou hand op. Ek verlos jou, in die Naam van Jesus Christus, uit daardie ineenstorting. Gaan, en jy's genees, Mev. Hansen.

Ek het haar nog nooit in my lewe gesien nie. Vra haar of daardie dinge nie waar is nie.

Is hulle waar, dame? Wuif jou hand, as dit reg is. Is ons vreemdelinge? Wuif jou hand.

Wat het sy aangeraak? Wat is dit? O, goeiste! Dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. "Dinge wat Ek doen, sal julle ook doen." Is julle gelowiges?

255 Kan nie slaap wanneer jy huis toe gaan van, nag, van die kerk af nie, kan jy, dame? Ek sien jou daar lê, ronddraai, aan die beweeg. Gisteraand het jy 'n vreeslike nag gehad, het jy nie? Reg. Glo jy dat ek God se profeet is, of, dienskneg? Jy glo? Glo jy met jou hele hart? Goed. As jy so glo, wat kan ek doen om jou te help? As ek vir jou sê—as ek vir jou sê, verlos, glo jy dit? Waar dit donker oor jou was, het dit lig geword. Jou naam is Mev. Heuser. Goed, jy kan teruggaan huis toe, en gesond gemaak word. Jesus Christus . . . ? . . .

256 Dame, jy wat langs haar sit, jy was baie gaaf om aan haar te tik om haar te laat weet dat dit sy was. Het jy nie aan daardie dame getik, haar vertel nie? Ek het gedink jy het haar vertel van . . . Wel, jy dink aan iets, so as jy . . . Dis reg. Glo jy God sal die wonderwerk doen? Goed. Daardie alkoholis sal gesond gemaak word, as jy sal glo met jou hele hart. Jy bid al vir 'n lang tyd vir jou broer.

Glo jy met jou hele hart? Nou, mense, hierdie is nie kerk speel nie, hierdie is die krag van die Here God.

Hier, hier sit 'n bejaarde dame, wat daar oorkant toe kyk, sy kan nie net presies verstaan waaroor dit alles gaan nie, hierdie dame wat net hieragter sit.

257 *Daar* dit, hang dit . . . Kan nie . . . ? Ek—ek weet, nie nodig om dit vir julle te vra nie. Ek kyk na die Lig, wat reg bo haar hang.

258 Sy's beproef, sy's siek, sy het nierprobleme, hartprobleme. Sy mis, nou vo-. . . Mev. Weir, glo met jou hele hart. God seën jou. Staan op jou voete, en word genees.

259 Nou, as ek jou nie ken nie, en jy ken my nie, waai jou hand heen-en-weer, sodat die mense sal weet. Was alles wat Hy jou vertel het die waarheid? As dit reg is, wuif. . . Staan op jou voete sodat die mense sal weet dat dit waar is, as alles waar gesê is, en ek en jy vreemdelinge is.

260 Halleluja! Stap uit in die blou lug in, en klap julle vlerke. Amen. Halleluja! Wat daarvan? Is jy 'n arend? Is jy gereed vir jou vlug? As julle gered is vir julle vlug, staan op julle voete, en eis julle genesing, en julle verlossing, en al die res wat julle nodig het, ek gee nie om wat verkeerd is nie. Komaan, arendjies, staan op en vlieg weg van hierdie aardsgebonde hoender-denominasie af hier.

261 Here God, O God van die Hemel, stuur U Gees en U krag in elkeen in, in Jesus Christus' Naam. . .?. . .

61-0122 Soos Die Arend Haar Nes Opwek
Amerikaanse Legioen Saal
Beaumont, Texas V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org